# HOOFSTUK III.

## ONDERWYS IN TRANSVAAL 1850 - 1906.

### 1. Ontwikkeling van die Christelik-Nasionale Onderwysstelsel in teenstelling met die Smutswet van 1907.

#### (a) Inleiding.

Die praktyk het geleer dat, as eerste voorwaarde vir vooruitgang in enige onderneming, 'n duidelike omlyning van die beoogde doel noodsaaklik is. In die onderwys en opvoeding sal dit dan beteken dat daar 'n klare beeld gevorm moet word van wat daar met die opvoedingsproses bereik wil word. Hierdie bepaling van die einddoel is op sy beurt weer afhanklik van die lewens- en wêreldbeskouing van die indiwidu of van die nasie vir wie die onderwysbeleid beplan word. Hierdie waarheid word telkens bewys uit die geskiedenis van die nasies van die wêreld vanaf die vroegste tye. Die opvoeding en die onderwys is slegs middele om die lewens- en wêreldbeskouing van die opkomende geslag tot rypheid te lei.

Na die kerkhervorming van die 16de en 17de eeue in die lande waar die Protestantisme geseëvier het, het 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing ontstaan en gevolglik is in daardie lande die doel van die onderwys en die opvoeding verplaas van 'n mensgerigte na 'n Godgerigte strewe. Hierdie verplasing was natuurlik nie algemeen nie, maar veral kenmerkend van die suiwer Protestantse lande waar ook weer onderlinge verskille aangetref word. In Duitsland en die onmiddellike omgewing is byvoorbeeld die Lutherse beskouing gehandhaaf, terwyl die Calvinistiese uitkyk veral in Nederland veld gewen het, vanwaar dit in 1652 na Suid-Afrika oorgekom het.[1]

#### (b) Die Christelik-Nasionale Onderwysstelsel uit Nederland in die Kaap oorgeplant.

Die Calvinistiese rigting in die onderwys in Nederland,

1. Koers: Deel XV, No. 5, April 1948, 176.

soos in Suid-Afrika oorgeplant, wou dat die Bybel in die skole 'n ereplek sou inneem. Die godsdiensonderwys moes in ooreenstemming met die geloofsbelydenis van die kerk gegee word en die gees van die skool en van die onderwys in alle vakke moes Christelik wees. Die kind moes geleer word dat hy met liggaam en gees aan God behoort. Hy moes ook besef dat die hele maatskaplike lewe so na die wil van God ingerig behoort te wees dat elke lid van die maatskappy in eie kring sy werk as 'n goddelike roeping moet verrig tot welsyn van sy vaderland. Gods Woord moes die rigsnoer in die handel en wandel wees en moes deur elkeen gelees en ondersoek word.[1)]

Hierdie Gereformeerde onderwysrigting, soos weerspieël in die gebed van Van Riebeeck op 8 April 1652 op die strand van Tafelbaai: „Uwe ware Gereformeerde Christelyke Leere, met der tyd mogte voorgeplant en verspreid worden", het die gees, die rigting en die beskouing wat hierheen gedra is, bepaal. Weliswaar is hier alleen sprake van „Gereformeerde Christelyke Leer", maar die geskiedenis in Nederland en hier bewys dat Christelik-nasionale onderwys juis die kosbare kleinood van die Leer is.[2)]

Van belang hier is die feit dat C.N.O. innig saamgeweef is met die geskiedenis van die Boervolk. Deur die skole van die Oos-Indiese Kompanjie is die grondslag gelê waarop die nageslag kon bou. Die skool was altyd 'n een-onderwyser-skool, en dit was 'n nadeel. Maar aan die ander kant was die skool ook 'n „een-boek-school" en dié boek was die Bybel. Dit was vir die Boervolk geen nadeel nie, want die „een-boek-scholen" het van die voorouers 'n „een-boek-volk" gemaak, 'n godsdienstig volk en Bybelvas soos geen ander volk nie.[3)]

In die tyd van die N.O.I.K. was die skool 'n Gereformeerde staatskool soos dit ook in Nederland was. Die ordonnansie

1. J. Woltjer: Wat is het Doel van Christelyk Nationaal Onderwys, 105.
2. F. Postma in Koers in die Krisis, bl. 1, 312.
3. Fouché: Onze Eerste Scholen, 17.

van Goewerneur de Chavonnes in 1714[1] was 'n samevatting van die beginsels wat reeds onder Van Riebeeck en Simon van der Stel in swang was en dit het die onderwyswet van die Kolonie tot aan die einde van die 18de eeu gebly.[2]

Godsdiensonderwys was dan ook hoofsaak in die skole. Die skool se groot taak was om die jongmense te bekwaam om belydenis van hulle geloof af te lê. Die onderwys het ook tot sedelike vorming gelei.[3] Die skool, op hierdie lees geskoei, was egter te veel 'n verlengstuk van die kerk.[4]

Die De Mist-skoolstelsel het die band tussen kerk en skool veel losser gemaak. Die openbare skole het nie tot enige besondere kerk behoort nie. „Het zyn kweekplaatsen om goede burgers voor te staat te vormen." As sodanig het die skole onder die onmiddellike toesig van die goewerment gestaan.[5]

Hier is die kerkskool nie deur die staatskool vervang nie - onder die N.O.I.K. weer was die skool ook staatskool en nie kerkskool nie. Die staat het aan die kerk die reg verleen om die onderwysers te ondersoek na hulle regsinnigheid en voor te skryf wat op die gebied van godsdiens op skole geleer sou word. Hierdie reg het De Mist aan die kerk ontneem en daarmee is kerk en skool geskei. Die meer gevorderde en elementêre skole wat deur die goewerment opgerig is, het nie langer 'n verband met die kerk gehad nie sodat die ouers van alle kerkverbande met vrymoedigheid hulle kinders daarheen kon stuur.[6]

De Mist het dus die skool geheel en al aan die staat gebind ən die staat moes bepaal wat op die skole geleer sou word; die kerk as sodanig sou nie meer seggenskap oor die skool hê nie.

---

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 21.
2. Koers in die Krisis, Deel I, 313.
3. Koers in die Krisi s, Dl. I, 313.
4. Venter: Kerk en Skool, 8.
5. Ibid., 12.
6. Ibid., 14.

De Mist het die onderwys in die Gereformeerde religie op die skool vervang deur godsdiens bo geloofsverdeeldheid, terwyl in die N.O.I.K. - tydperk dogmatiese onderwys gegee is. Volgens sy ordonnansie het hy nie alle dogmatiese onderwys uit die skole uitgesluit nie, want godsdiensonderwys moes gegee word soveel moontlik ooreenkomstig die beginsels van die kerkgenootskap.[1)]

De Mist het verder gegaan en die kerklik-godsdienstige onderwys grotendeels deur sekulêre onderrig vervang.[2)]

Deur hierdie maatreël is 'n definitiewe skeiding tussen kerk en skool bewerkstellig. Later is kerkverteenwoordiging ook van die skoolkommissies weggeneem. Dit was iets heeltemal anders as die Gereformeerde religie, hoewel die skyn nog bewaar gebly het. Dit was 'n geval van kleurlose godsdiens bo geloofsverdeeldheid.[3)]

As gevolg van hierdie maatreëls was die volk heftig teen De Mist se onderwysstelsel gekant. Die tradisie uit die N.O.I.K. - periode was nog te sterk: „Better no education at all from books than instuction not based on religion was the cry from one end of the colony to the other".[4)]

In hierdie tydvak is immers die pogings tot die anglisering van skool, kerk en staat deur Somerset aangewend. Die verdwyning van die volksinstellinge soos die heemrade en landdroste was een van die aanleidende oorsake van ontevredenheid wat tot die Groot Trek gelei het.[5)]

Teen 1836 was die trekgeselskappe op 'n natuurlike wyse van uitbreiding tot op die Oosgrens vooruitgeskuiwe. Die daadkrag en inwendige nasionale bewuswording was lankal tot rypheid ontwikkel. Dit was nou net die bande van die Britse bewind wat verbreek moes word om dan op eie voete te staan en

---

1. Venter: Kerk en Skool, 15.
2. Ibid., 16.
3. Art. Prof. F. Postma, Koers in die Krisis, Deel I, 314.
4. Theal: History of South Africa, Vol. III, 99.
5. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 23.

hulle eie staat te stig.[1]

In die Republieke was die trekkers tydelik gevrywaar van Britse invloed. Daar kon hulle hulle eie staatsbeleid en onderwysstelsel ontwikkel. Wat daar gebeur het, was nie 'n direkte stryd teen die skoolstelsel in die Suide nie, maar dit het in 'n baie noue verband daarmee gestaan.

(c) Eerste Stappe in die Rigting van Christelik-Nasionale Onderwys in die Republiek 1852-1877.

(i) Onderwys in die Beginjare:

Die hoogste eis wat die Trekkers vir die opvoeding gestel het, was dat die kinders voldoende geleerdheid moes ontvang sodat hulle die Bybel met gemak kon lees. Die eintlike kern van die opvoeding was godsdienstige opvoeding, die voorbereiding vir die aflegging van die belydenis van die geloof.[2]

Baie faktore het die Trekkers in Transvaal teengewerk, met die gevolg dat die onderwys en opvoeding baie te wense oorgelaat het. Eers met die koms van die eerste onderwysers is daar 'n merkwaardige invloed op die Republikeinse onderwys uitgeoefen.

Hulle invloed sou eers merkbaar word na die onafhanklikheidsverklaring van Transvaal in 1852. In die veertigerjare is die veroweringsimperialisme van Groot Brittanje tydelik uitgeloof, want die Britse regering was teen gebiedsuitbreiding.[3]

Hierdie wending in die Britse beleid is as 'n tydelike maatreël beskou, want reeds in 1877 is die Britse anglisasiebeleid weer op ferme wyse hervat. Die Brit se strewe was om Suid-Afrika in 'n Britse kolonie te omskep en die Angelsaksiese beskouing hier te laat seëvier. Net so seker as wat die Oranje in die Atlantiese oseaan of die Nyl in die Middellandse See

1. Pretorius en Kruger: Voortrekker Argiefstukke, 1828-1948, 59 - 60, en R. 27/39.
2. V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 44.
3. De Kiewiet: British Colonial Policy & the S. Afr. Republics, 41-43.

vloei, "so surely will the energy and perseverance of the Anglo-Saxon, his powers, nay, even his very language, penetrate, subdue, and civilize the interior of this vast Continent.[1)]

Die onafhanklikheid van Transvaal kon meehelp dat 'n eie onderwysbeleid volgens Voortrekkertradisies ongehinderd neergelê word.

(ii) Die Eerste Skoolreglement 1852-1855.

Na die onafhanklikheidsverklaring van Transvaal in 1852 is aan die volksraad 'n voorstel tot die reëling van die onderwys voorgelê. Dit was die eerste wetlike reglement wat deur die liggaam goedgekeur is. Hierdie wetgewing het die grondslag vir die onderwys in die toekoms gelê. Volgens die volksraadbesluit van 18 Maart 1852 is die onderwys staatsonderwys genoem. Die volksraad moes die onderwysers aanstel, terwyl die kerkrade vir hulle besoldiging moes sorg, maar die skool het onder die toesig van die volksraad gestaan. Alle onderwys het 'n godsdienstige strekking gehad.[2)]

Die Hollandse skooltradisie van die Kaapkolonie in die 18de eeu, soos deur goewerneur De Chavonnes vasgelê, was die basis waarop gebou is. Die basis het vir meer as honderd-en-vyftig jaar die leidende gedagtegang bly aangee, met betrekking tot die opvoeding en onderwys, vir 'n belangrike gedeelte van Suid-Afrika se blanke bevolking en vir 'n oorwegende gedeelte van die bevolking van die Suid-Afrikaanse Republiek.[3)]

Die onderwysreglement het groot gesag aan die kerk oorgedra wat op sy beurt weer die oorgang van staats- na kerkbeheer beteken het.[4)] 'n Kommissie van onderwys is deur die nuwe grondwet benoem om die onderwysbeleid uit te dra.[5)] Die aanstelling van skoolkommissies het heeltemal by die goewerment

1. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 67.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 20.
3. Lugtenburg: Onderwys in die S. Afr. Republiek, 11.
4. E.V.R. 106B, No. 515: Ds. van der Hoff aan volksraad, 23-11-'53.
5. De Locale Wetten der Z.A.R., 115.

berus. Die ouers is hier genegeer want die staat het die leiding van die onderwys in die nuwe republiek geneem, dog die burgers het hiermee geheel en al genoeë geneem. Hierdie instelling van skoolkommissies het dwarsdeur die republikeinse periode en ook na die Tweede Vryheidsoorlog stand gehou.[1)]

As gevolg van die burgeroorlog van 1863 het daar ontwrigting en stagnasie in die onderwys ingetree.[2)]

Die onderwysbeleid moes nog sy weg vind en by die wordingsjare van die republiek aanpas.

(iii) Insypeling van Engels gedurende die Beginjare van die Onderwys in die Republiek.

Die reglement van 1859 oor die onderwys het nie lank tevredenheid gegee nie. In 1866 het die volksraad die nuwe onderwyswet op voorstel van die „Kommissie vir die Onderwys" aangeneem.[3)] Hierdie wet was die volledigste wat tot dusver in verband met die onderwys opgestel is. Hierin was al die magte en pligte van plaaslike kommissies sowel as die van onderwysers behoorlik geformuleer. Al die verordeninge in die wet vervat, het daarop gewys dat dit suiwer staatsonderwys was. Die kerk en die ouers het nie veel seggenskap gehad nie. Die leergange was slegs 'n verlenging van die De Chavonnes-onderwyswet.[4)]

Engels is deur die wet amptelik in die leerplan ingevoer. Tesame met die indiening van die wetsontwerp het die „Algemene Kommissie" ook 'n skrywe aan die Volksraad gerig waarin die wenslikheid van die onderrig van die Engelse taal beklemtoon is. Die volksraad is daarop gewys dat terwille van die goeie betrekkinge met die Britse Regering en sy onderdane dit raadsaam was om die onderwys van die Engelse taal in die wet in te voeg. Die volksraad het aan die versoek gehoor gegee en in die wet is bepaal dat behalwe Hollands ook Engels in die

---

1. Dreyer: Boustowwe van die Gesk. van die Ned. Ger. Kerke in S.A., 31-46.
2. Kruger: Die Weg na die See, 70-87.
3. E.V.R., 6B, Arts. 529-547, 23 en 24-3-1866.
4. Lugtenburg: Onderwys in die Suid-Afr. Rep., 266-276.

goewermentskole doseer sou word.[1]

Reeds geruime tyd voor die aanname van hierdie wet van 1866 het baie Britte, veral die handelaars, al in Transvaal ingesypel, waar hulle hulle taal bly handhaaf het.[2]

Nie net die Engelse in Transvaal nie maar ook Afrikaanssprekendes het op meer Engels in die skole aangedring. Vir etlike jare is gevind dat die onderrig in die Engelse taal 'n ereplek in die openbare skool ingeneem het. Waar dit enigsins moontlik was, het skoolkommissies daartoe oorgegaan om naas die Hollandse onderwyser ook 'n Engelse op die dorpskole te benoem.[3] Baie Afrikaanssprekende ouers het hierdie skole vir hulle kinders bo die staatskole verkies. Behalwe Engels as taal op skool het in die vernaamste dorpe Engelse privaatskooltjies ontstaan, waar onderwys deur middel van Engels gegee is.[4]

Die Kaapse onderwyswet van 1865 het seer sekerlik nie invloed op die wet van 1866 van Transvaal uitgeoefen nie. Die wet van 1865 in die Kaap het Hollands as taal uit die skole geweer[5], terwyl die Transvaalse volksraad Engels laat onderwys het.[6]

Die Transvaal het gevoel dat terwyl hulle in die kinderskoene van 'n steeds ontwikkelende staat gestaan het en die magtige Britse handel hulle grootste konkurrent was, hulle magteloos in die ongelyke stryd was. Om hierdie rede was die republikeine genoodsaak om, indien hulle 'n selfstandige handel wou opbou, met die Brit handel te drywe en gevolglik ook sy taal te besig. „This concentration of interest in the inevitably transfrontier territories give rise to a feeling that the British Government should exercise a greater measure of control over the territories which so vitally concerned

1. E.V.R. 11/109, 16-3'66.
2. Fred Jeppe: Transvaal Book Almanac and Directory, 51.
3. O.D.I.a: O'Reilly aan H. van der Linde, 9-8-1867.
4. Lugtenburg: Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek,87.
5. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese.....,102.
6. E.V.R. 11/109, 16-3-1866.

Natal's well-being."[1]

In die loop van die jare het die Britse invloed in Transvaal sterk toegeneem en sy onmiskenbare indruk agtergelaat.

Al die voorvermelde verwikkelinge het 'n uitwerking op die onderwys gehad. Die Uitvoerende Raad was weens sy veelvuldige werksaamhede nie in staat om aan die saak van die onderwys sy volle reg te laat geskied nie. As gevolg van slegte landsomstandighede op finansiële en staatkundige gebied, het die goeie beheer en toesig van die onderwys in die republiek langsamerhand verswak en feitlik verdwyn.[2]

Gedurende die Burgerstydperk is die ou tradisionele onderwysstelsel deur 'n meer liberalistiese stelsel vervang, wat nie by die volksraad gepas het nie.[3]

(d) <u>Liberale Onderwyswetgewing van Burgers 1872-1877</u>.

In hierdie periode het sake nie net op onderwysgebied nie maar ook op politieke gebied agteruitgegaan. Staatkundig was dit nie na die sin van Groot Brittanje dat Transvaal onafhanklik geword het nie. Kort-kort is die vryheid van die republiek deur die Britse owerheid bedreig. In 1862 het Sir Philip Wodehouse predisent M.W. Pretorius daarop opmerksaam gemaak dat as hy nie vrede aan die wesgrens kon bewaar nie, die konvensie verbreek sou word.[4] „and that it will be a blessing for all if they can be restored in a general sense to their former position".[5]

In 1868 is die gedagte van agressie nog meer gevoed toe Lord Buckingham, die koloniale sekretaris, in belang van die Britse koloniale besittings en veral met betrekking tot Suid-Afrika en die verhouding tot die republieke geskryf het dat die onafhanklike state onder Britse gesag geplaas moes word.[6]

1. De Kiewiet: British Colonial Policy & the S. African Republics, 258.
2. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 100.
3. Ibid., 136 - 137.
4. De Kiewiet: The Imperial Factor, 162.
5. Ibid., 269.
6. Egerton: A Short History of the British Colonial Policy, 351.

Hierdie gedagte sou nie lank agterweë bly voordat dit in die daad omgeskep sou word nie. President M.W. Pretorius het in Maart 1871 sy amp neergelê en in Julie 1872 het die nuwe president T.F. Burgers die ampseed afgelê.[1] Hy sou die politieke skyf wees in wie se dienstyd agressie gepleeg sou word. Pres. Burgers, as vrysinnige denker oor godsdienssake,[2] wou die onderwys behoorlik hervorm en dit op 'n gesonde grondslag plaas. Op 14 Feb. 1874 het hy sy konseponderwyswet in die Staatskoerant bekend gemaak. Die wet moet beskou word as die eerste volledige wetsbepaling van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek.[3]

Volgens die onderwysverslag van dr. J. Vacy Lyle is die Hollandse onderwyswet van 1857 as grondslag vir sy wet gebruik.[4] Onder hierdie wet is voorsiening gemaak vir 'n onderwysdepartement onder toesig van 'n superintendent-generaal van onderwys. Plaaslike skoolkommissies sou weer die skole beheer.[5]

Die skole het nou staatsondersteunde inrigtings geword, want toelae is volgens skoolinskrywings bepaal.

Hierdie artikel van die wet is waarskynlik aan die Hollandse wetgewing van 1801 ontleen waar subsidies aan die onderwys toegeken is.[6] E.G. Pells meen dat die subsidiestelsel aan die Kaapse onderwys ontleen is:„.....the regulations of 1843 laid the foundations of the State-aided schools, based upon the quarentee system.....and were to be used as the pattern on which the Transvaal and the Orange Free State successfully, and Natal unsuccessfully, modelled their school-systems".[7]
6

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 35.
2. Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 79-80.
3. Coetzee: a.w., 36.
4. Staats Courant 21-1-79: Verslag over den Toestand van het Onderwys in de Transvaal", deur J. Vacy Lyle 16-11-78.
5. Coetzee: a.w., 38.
6. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 134.
7. Pells: A History of Education in South Africa, 32.

Geen godsdiensonderwys moes gedurende die skoolure gegee word nie; maar die skoollokale sou buite skoolure tot die beskikking van godsdiensleraars of onderwysers wees met goedvinde van die skoolkommissie. Die Bybel sou in elke skool gelees en die Bybelgeskiedenis onderwys word.[1)]

Volgens Art. 51 moes die onderwysers by godsdiensonderrig hulle onthou van enig iets te leer, te doen of te laat leer wat strydig was met godsdienstige begrippe van andersdenkendes. Ook buite skoolure moes hulle hulle nie daarmee inlaat nie, tensy op uitdruklike versoek van die ouers of voogde van die kinders.[2)]

Hierdie neutraliteitsbeginsel van Burgers wat uitstraal in die Burgerswet het ꞌn baie nadelige uitwerking op die onderwys gehad. Die sekularisering van die onderwys en die toelating van Engels as medium van onderwys naas Hollands het ꞌn heftige teenstand uitgelok en die stelsel laat verongeluk.[3)]

(e) Die Anglisasieperiode van Transvaal 1877-1880.

(i) Versterking van die Britse Invloed.

President Burgers het getrag om die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verstewig en dit Nederlands georiënteerd op te bou.[4)] Die indiensneming van liberaalgesinde onderwysmanne het die volk nie vertrou nie. Petisies het by die volksraad ingereën wat die onderwysbeleid ondermyn het. Aan die ander kant het dit die Engelse skole en ook die Engelse invloed bevoordeel. As gevolg van die liberale toegewings in verband met Engels in die onderwys het die taal baie gewild in die skole geword.[5)]

Die Afrikaanse ouers het van die reg gebruik gemaak om hulle kinders deur medium Engels te laat onderrig.[6)]

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 38.
2. Ibid.
3. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 141-142.
4. V.R. Notule 12-5-76 - S.C. No. 637, 14-6-76.
5. (a) Malherbe: Education in South Africa, 237;
   (b) Lugtenburg: Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 91.
6. Verslag Supt. v. Ond. 1886, Bylae A, 10.

In die staatskole is Engels as voertaal meer dikwels as Hollands gebruik, terwyl in die Engelse privaat skole Engels uitsluitlik die medium van onderrig was.[1)]

Hierdie toestand in onderwyssake, naamlik die insypeling van die Britse invloed, was 'n aansporing vir die Britse imperialisme in Suid-Afrika. Vanaf 1870 het die imperialisme van Groot Brittanje weer met krag opgevlam. Beheb met die drang tot anneksasie het die Brit sy politiek van verowering verder deurgevoer. Die Britse kabinet was van voorneme om Transvaal onder sy mag te kry en ook om die „hinterland" te beskaaf.[2)]

(ii) <u>Die Onderwys in die Anneksasie-periode 1877-1880</u>.

Die daad is by die woord gevoeg. Op 12 April 1877 het Theophilus Shepstone die Transvaalse grens oorgesteek om die Suid-Afrikaanse Republiek onder Britse beskerming te plaas.[3)]

Die daaropvolgende Engelse periode het die ou tradisionele onderwys van die Republiek beëindig en die Brits-georiënteerde onderwys ingelui.

Dr. J. Vacy Lyle, die nuutaangestelde superintendent van opvoeding het in sy onderwysverslag[4)] op die tekortkominge van die Burgerswet gewys. Daar is onder andere deur Burgers geen rekening met die godsdienstige eise van die bevolking gehou nie. Lyle is veral getref deur die wydverspreide begeerte na goeie Engelse onderwys en die teenkanting teen die vrysinnige Hollandse onderwysers van Burgers.[5)]

Daarna het hy dan gekom tot die wysiginge wat hy nodig geag het en wat natuurlik baie Engels gekleurd was. Hy het veral gewys op die godsdienstige grondbeginsels van die onderwys in Transvaal. In art. 68 het hy verklaar: „For this pur-

---

1. Verslag Supt. v. Ond. 1886, Bylae A, 10.
2. De Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa, 106.
3. Uys: In the Era of Shepstone, 389.
4. (a) Report on the Condition of Education in The Transvaal 1878;
   (b) Transvaal Government Gazette No. 95, 7-1-'79.
5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 43.

pose the wording of the 'Conscience Clauses' of the English Law will afford a guide, framed as they are, to secure to all who desire it religious instruction for their children, and secular Education only for those who desire secular Education".[1)]

Die gangbare onderwysinrigtings sou ondersteunde skole wees. „Payments-by-Results" was sy voorwaarde vir subsidies.[2]

Voordat daar egter uitvoering aan die voorstelle gegee kon word, is Lyle in 1879 oorlede. In sy plek is ds. H.S.Bosman van die N.G. Kerk van Pretoria as waarnemende superintendent benoem.[3)]

(iii) H.S. Bosman se Onderwyswet No. 10 van 1880.

Ds. Bosman het in hoofsaak die beleid van Lyle gevolg. Sy aanbevelings is saamgevat in sy Wet No. 10 van 1880, waarin kortliks bepaal is dat die skole staatshulp moet ontvang. maar die toekenning moes volgens die Natalse stelsel van „Payments-by-Results" geskied. Die doel hiermee was dat die stelsel tot 'n groot seën vir die gemeenskap sou wees. Dit sou goeie onderwysers aanmoedig tot beter werk en swakkes laat uitsak.[4)]

By Bosman, opgevoed in die suide en besiel met 'n Britse gees, was dit vanselfsprekend dat hy die Britse onderwysstelsel as voorbeeld sou neem.[5)]

Hy het hom teen skoolkommissies en ouerbeheer uitgespreek, omdat hy gemeen het dat hulle van weinig nut was. Die bepaling van die voertaal is aan die ouers oorgelaat, hoewel hy tweetalige jong manne vir die onderwysprofessie uit die suide aanbeveel het.[6)]

In sy verslag het hy voorgestel dat die plaaslike predi-

---

1. Report of the Condition of Education in the Transvaal,1878.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 43.
3. (a) Transvaalsche Gouwernements Courant,No.124,10-7-79; (b) Gouvernements kenniggewing No. 73/1879.
4. Report of the Supt. of Education 1880.
5. Report of the Supt. of Education: Transvaal Government Gazette, No. 178, Vol. IV, 20-4-'80.
6. Ibid.

kante die werk van die skoolkommissies in verband met aanbevelings van onderwysers moes doen, en ook inspeksies moes reël. „In this way that natural connection between church and school, which used to be so intimate in all Presbyterian communities, would be restored."[1] Hierdie inspeksiegewoonte was 'n alledaagse gebruik in die Kaapkolonie.

In die tydjie van Bosman se superintendentskap het die Britsgesindes alles in hulle vermoë gedoen om Engelse onderwys uit te brei. Baie skole het na Engelsmedium oorgeskakel. Waar daar nie 'n goewermentskool opgerig was nie, is daar gou 'n privaat skool gestig met Engels as enigste medium van onderrig.[2]

Met so 'n Engelsdeursuurde atmosfeer in die skool en kerk moes S.J. du Toit in 1880 die superintendentskap van die herrese Republiek aanvaar.

Op Paardekraal is op 13 Desember 1880 die Republiek opnuut geproklameer. Daarmee het die laaste en roemrykste periode in die geskiedenis van die onderwys onder die Suid-Afrikaanse Republiek aangebreek.[3]

(f) Die Du Toit-Mansvelt-periode: Onderwys in Transvaal op 'n Christelik-nasionale Grondslag geplaas 1880 - 1899.

(i) S.J. du Toit die Grondlegger van die Christelike Staatskool.

Inleiding.

Na die teruggawe van Transvaal het die Driemanskap die bewind van die Republiek aanvaar. Een van die voorveggers van die Christelike skool is in 1882 deur die Suid-Afrikaanse Republiek in die persoon van ds. S.J. du Toit tot superintendent van onderwys benoem.[4]

Die geniale en vurige stryder van Paarl wat goed op

---

1. Malherbe: Education in S. Africa, 254.
2. Lugtenburg: Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 118
3. (a) Bredell en Grobler: Gedenkskrifte van Paul Kruger, 80;
   (b) Vulliamy: The Outlanders, 121.
4. (a) R.3381/81;
   (b) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 48.

hoogte was met die skoolstryd in Nederland, het hom die benoeming laat welgeval en na Pretoria gegaan. Daar het hy ꞌn vrugbare bodem gevind vir die toepassing van sy beginsel op die gebied van onderwys. Daar was geen kerk of staat wat hulle met die opvoeding van hulle kinders kon help nie. Die ouers was op hulle self aangewys en op hierdie heel besondere wyse is hierdie beginsel van ouerreg en ouerplig by hulle ingeskerp.[1)]

Reeds voor die koms van ds. Du Toit na Transvaal was Christelik-nasionale onderwys die begeerde en gewenste vorm van opvoeding.[2)]

Met sy koms het hy sy standpunt in verband met kerkskole, waarvoor hy so hard in die Kaapkolonie gestry het, grootliks laat vaar ten gunste van die gesonde beginsel dat dit die saak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hulle kinders.[3)]

<u>Die Christelik-nasionale Grondslag waarop Du Toit sy Onderwysbeleid gebou het.</u>

Reeds vroeg in sy lewe het die saak van die onderwys hom aangegryp en ꞌn grondige fondament is deur hom in die Christelike leer gelê. Tydens sy studies in die Gimnasium op Stellenbosch het hy hom ook tot taalkundige studies aangetrokke gevoel.[4)]

Nog voor sy bevestiging as predikant was hy leidend aandadig aan die stigting van „Die Genootskap van Regte Afrikaners". Dit was veel meer as ꞌn taalbeweging. Dit het ook ingesluit die verafrikaansing van die onderwys, maar veral die kerstening van die openbare skool - ꞌn beweging tot die Christelike en nasionale opwekking van die Afrikaner.[5)]

Vanaf 1876 tot 1882 het hy „Die Patriot", lyforgaan van

---

1. Postma: „Christelik-nasionale Onderwys in S.A.", Koers in die Krisis, Dl. 1, 316.
2. Ibid., 316.
3. Greyling: Christelik-Nasionale Onderwys, 45-46.
4. Du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 9.
5. Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys, 9.

die „Genootskap van Regte Afrikaners", geredigeer, waarin 'n heldere klank in verband met die openbare onderwys gehoor is en waarin hy hom sterk teen die gangbare staatskool uitgespreek het.[1)]

In 1876 het sy eerste opspraakwekkende en waardevolle opvoedkundige geskrif in Suid-Afrika verskyn, nl. „De Christelyke School in haar verhouding tot Kerk en Staat".[2)] Met hierdie werk het ds. Du Toit hom aan die ortodokse kant geskaar. Hiermee het hy die stryd teen die liberalisme in die skool aangeknoop; hiermee sou hy die stigter en vader van die latere Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika word.

Die samelewing en veral die skool en kerk het deur die liberalistiese insypelings sedert die begin van die 18de eeu so verkankerd geraak, dat kerk sowel as skool nou onder die jurisdiksie van die staat geval het. In hierdie tydperk het ds. Du Toit soos 'n nuwe ster skielik en helder geskyn en sy rigting was vas, doelgerig en bepaald.[3)]

Teen die „Gouvernementsschedulen" in die Kaapkolonie waardeur die godsdiensonderwys gedurende die vier ure van die skooldag verbied is, het hy die volgende besware aangebring: die grondslag waarop ons skole gebou is, is dus nie die Christendom nie, maar die humaniteit. Kragtens die „schedule" is ons skole nie-christelik en nie slegs nie-sektaries nie, maar dit is bedrog. Nie-sektariese skole in die boesem van 'n Christelike maatskappy is antichristelik. Die „schedule""het wetenskap en godsdiens, verstand en hart, wat volgens Gods Woord nie te skei is nie, geskei. Die „schedule" het nie slegs die Christelike leer nie, maar ook die Christelike tug verban.[4)]

Die aanleidende oorsaak tot die skrywe van die werk het opgesluit gelê in die Kaapse samelewing van die middel-neën-

1. Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys, 9.
2. Sien Ibid.
3. Ibid.
4. Du Toit: De Christelyke School........, 23-29.

tiende eeu, waarin die groot botsing tussen imperialisme en nasionalisme en tussen liberalistiese modernisme en Calvinisme gevind kon word. In hierdie stryd is die skool steeds betrek.

Die doel met „De Christelyke School" was om te bewys dat God die onderwys van die jeug opgedra het, nie aan die staat nie, maar aan die kerk en wel aan die leraars van die kerk. Die kerk moet sy eie skole hê. Die staat moet die skool beskerm en ondersteun.[1)]

Ter aanvulling van sy teologiese begrippe het hy in 1879 op sy oorsese reis met prof. dr. A. Kuyper in Nederland kennis gemaak en hom ook op hoogte met sy staatkunde gebring. Hierdie verryking het ds. Du Toit beweeg om die superintendentskap te aanvaar. In dieselfde jaar het hy met die stigting van 'n Afrikaanse politieke organisasie, die Afrikanerbond begin, waarin alle Afrikaners hulle tuis kon voel en waar hulle kon saamwerk tot heil van 'n verenigde Suid-Afrika.[2]

Die jaar 1880 was 'n kritieke jaar vir die Suid-Afrikaanse Republeik. Die Transvalers was in 'n worstelwtryd om hulle vryheid teen die magtige Britse Ryk gewikkel. Ds. Du Toit het hom heelhartig aan die kant van die vryheidshelde geskaar en die Transvaalse reg met oortuiging en beslistheid in „Die Patriot" verdedig.[3)]

Terwyl die Eerste Vryheidsoorlog glorieryk vir die Transvalers geëindig en Transvaal weer 'n republiek geword het, het ds. Du Toit sy gedagtes oor „Die Toekoms van Transvaal" in Die Patriot uiteengesit. Met 'n breedvoerige behandeling van die „Onderwys in Transvaal" het hy geëindig.[4)]

In Transvaal wou ds. Du Toit sy onderwysbeleid formuleer en in die praktyk volgens die volksaard en sy lewensbeskouing toepas. Volgens hom hang die toekoms van die Republiek,

---

1. Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys, 9.
2. Du Toit: S.J. du Toit in Weg en Werk, 143.
3. Coetzee: a.w., 10.
4. Ibid., 11.

kerklik, maatskaplik en staatkundig onder goddelike bestuur, vir 'n groot deel van die opvoeding en die onderwys af. Dit is die taak van die ouers om hulle kinders 'n ware Christelike opvoeding te gee. As hulle uit gebrek aan tyd of bekwaamheid daartoe nie in staat is nie, sal die skool die werk behartig. Maar dit onthef hulle nie van hulle verantwoordelikheid nie: aan hulle het God die kinders toevertrou, van hulle sal Hy rekenskap eis.[1]

Om in Transvaal se behoeftes van 'n deeglike, Christelike onderwys te voorsien, was 'n doeltreffende skoolwet nodig. Die Transvaalse volk was Christelik-Gereformeerd en daarom moes die skool ook Christelik en Gereformeerd wees. Die skoolwet moes voorsiening maak vir die vervulling van die doopbelofte. Al was die Transvaalse volk as geheel Gereformeerd, was dit nie nodig vir 'n Gereformeerde skool om andersdenkendes uit te sluit nie: die wet moes sodanig wees dat hulle hulle regmatige ondersteuning kon ontvang. Daarom moes die Christelike onderwys nie in die hande van die staat wees nie, maar in die van die volk. Die taal van die volk moes ook die taal van die skool wees.[2]

As voorwaarde vir sy aanname van die betrekking as superintendent het hy kortliks die volgende beginsels vir die onderwys gestel:[3]

a. Die staat se mag oor die onderwys moes tot finansiële steun beperk word en die staat moes toesien dat dit behoorlik bestee word.

b. Godsdiensonderwys moes op die voorgrond geplaas word en die kerk en die ouers moes die leiding in onderwyssake neem.

c. Die onderwys moes in 'n Christelike gees geskied, terwyl die kerkbesture vir die leerstellige onderwys sou sorg.

d. Die onderwysers is nie staatsamptenare en die skole nie staatseiendom nie.

e. Die onderwys moes in die Hollandse taal gegee word.

---

1. Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys, 11.
2. Ibid., 11-12.
3. V.R. Notule, arts. 62-65, 5-10-'81.

Hierdie beginsels is aan die Volksraad voorgelê en is op 5 Oktober 1881 goedgekeur.[1)]

(ii) Onderwyswet nr. 1 vah 1881: Vestiging van die Christelik-Nasionale Onderwys.

Gedurende die Volksraadsitting van 1882 is die nuwe konsep-onderwyswet behandel en is op 4 Mei van dieselfde jaar as Wet nr. 1 van 1882 bekragtig.[2)]

Die onderwyswet het voorsiening gemaak vir laer, middelbare en hoër onderwys. Dit het van die beginsel uitgegaan dat die ouers vir die onderwys van hulle kinders moes sorg en daarvoor moes hulle gedeeltelik betaal. Die staat moes sy bemoeiinge met die onderwys beperk tot die aanmoediging van „partikulier inisiatief" deur die skole met geldelike bydrae te steun. Die owerheid moes ook toesien dat sy toekomstige burgers die vereiste Christelike opvoeding sou ontvang en moes hulle beywer vir die oprigting van ŉ inrigting vir hoër onderwys, vernaamlik vir die opleiding van onderwysers. Gemeentes en kerkrade moes sover moontlik die inisiatief in die stigting van skole en die verkiesing van skoolkommissies neem.[3)]

Die gees en rigting van die hele skool sou Christelik wees, want daar is bepaal dat „het burgerlyk onderwys behoorlyk gegeven worde in Christelyken geest". Die godsdiensonderwys sou bestaan in die opening en sluiting van die skool met skriflesing en gebed en die behandeling van die Bybelse geskiedenis binne die skoolure. Die bepaalde leerstellige onderwys sou aan die verskillende kerke oorgelaat word wat die skoollokale daarvoor kon gebruik. Die voertaal sou Nederlands wees. In die middelbare skole moes onder andere Hollands, Engels en Duits (indien verlang) geleer word. Op nasionale gebied het die skool op ŉ natuurlike wyse die koers van die Republiek gevolg.[4)]

1. V.R. Notule, arts. 62-65, 5-10-'81.
2. Locale Wetten, 1069-1075.
3. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Dl.II,46.
4. Ibid.

Hierdie stelsel het in beginsel tot 1899 voortgeduur toe die Republiek in die onafhanklikheidstryd met Engeland ondergegaan het.[1] Maar die formulering van die wet het nie geïsoleerd teenoor invloede van buite gestaan nie. Ander onderwysstelsels het ook as leidraad gedien.

(iii) Invloede wat ingewerk het op die Du Toit-Wet.

Die volgende stelsels het heelwat invloed op die formulering van die Du Toit-Wet uitgeoefen.

(i) Die subsidiestelsel was volgens die onderwyswet van 1865 in die Kaapse skole in gebruik,[2] en is deur ds. Du Toit in Transvaal oorgeplant. Hoe meer leerlinge die skool sou besoek, hoe meer sou die staatstoelae na verhouding toeneem,(vergelyk die Bosmanwet van 1880).

(ii) Die wykskoolstelsel was ook in volle gebruik in Kaapland en dit het goed in die wydverspreide platteland van Transvaal ingepas.[3]

(iii) Volgens die £-vir-£-stelsel wat in Kaapland sedert 1841 in goeie werking was, het ds. du Toit deur die wet van 1882 spesiale toelae aan enige skool bo die gewone skoolgelde betaal. Die toelae van die goewerment was gelykstaande aan die addisionele ingevorderde gelde deur die skole.[4]

(iv) Laastelik is ook in die Du-Toit-Wet vir 'n inspeksiestelsel voorsiening gemaak om die leerlinge van een standerd na 'n ander te bevorder. Die stelsel het in Kaapland goed tepas gekom toe die skoolstanderds ingestel is om die werk te vergemaklik.[5]

Nieteenstaande die invloede wat op die Du Toit-Wet ingewerk het, het behalwe die Christelik-nasionale grondslag van die wetgewing, die republikeine die onderwysbeleid heelhartig ondersteun. Hierdie optrede en houding van die Transvalers het die taak van dr. N. Mansvelt baie vergemaklik om op die onderwysbeleid van ds. Du Toit voort te bou, en dit te herformuleer.[6]

---

1. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Dl. II,47.
2. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 96.
3. Du Toit: S.J. du Toit in Weg en Werk, 51.
4. Staatscourant 3-5-8; Voorlopige onderwysverslag van die Suid-Afrikaanse Rep., 1882, Bylae A.
5. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese,...., 136.
6. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 58-59.

(iv) Onderwysbeleid van N. Mansvelt 1891 - 1899.

Inleiding.

In 1891 is ds. Du Toit deur N. Mansvelt van Stellenbosch opgevolg.[1]

Met toegewydheid het hy sy taak aanvaar en voortgebou op die algemene beginsels van ds. Du Toit. Op Stelselmatige wyse wou hy die tekortkominge in sy voorganger se onderwyswet uitskakel deur beter te kontroleer, te finansieer en te administreer.[2]

Wet nr. 8 van 1892.

Reeds vroeg in 1892 het Mansvelt 'n nuwe konsepwet bekend gemaak. Die benoemde kommissie, om sy wetsontwerp te ontleed en aanbevelings te doen, het sonder noemenswaardige veranderings die wetsontwerp aanbeveel. Die konsep is deur die Volksraad op 2 Junie 1892 as Wet Nr. 8 van 1892 aanvaar.[3]

Hoewel baie uitvoeriger, is hierdie wet in hoofsaak op die Du Toit-wet gebaseer. Die algemene inleidende bepalinge het oor die algemeen ooreengestem met die Du Toit-wet omdat dit die grondslag was waarop die Republikeine hulle Christelik-nasionale onderwysbeskouing gefundeer het, wat nog in die gees voortgeleef het.[4]

Die algemene bepalinge het die volgende omvat:[5] Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het van die beginsel uitgegaan dat dit die taak van die ouers is om vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders te sorg. Die ouers is alleen tot die volgende funksies beperk: die aanmoediging en ondersteuning van „particulier inisiatief" by die burgers om geldelike bydrae ter ondersteuning van die skole te gee; „tot het schoolopzicht", vir sover die burgers hulle

1. McKerron: A History of Education in South Africa, 43.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 58.
3. (a) E.V.R.-Notule, 5-5-92;
   (b) De Volkstem, 7-5-92.
4. Koers in die Krisis: Art. prof. F. Postma, 319.
5. Locale Wetten der Zuid-Afr. Rep., 422-436.

geroepe ag om daarvoor te waak, dat die jeug die vereiste „Protestantsch-Christelyke" opvoeding ontvang; tot die stigting van ŉ inrigting vir hoër onderwys, veral vir die opleiding van amptenare en onderwysers, ooreenkomstig die volgende bepalinge:-

Art. 2 van die Mansvelt-wet het bepaal dat die leerstellige godsdiensonderwys as sodanig by die kerk tuis hoort en nie by die staat nie. Daarom eis die regering slegs dat in alle van regeringsweë ondersteunde skole die onderwys in die verskillende leervakke gegee moes word in:

a. „In Protestantsch-Christelyken geest";
b. „waarby begrepen worden het openen en sluiten der school met gebed, het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bybelgeschiedenis binnen de schooluren";
c. „terwyl het bepaald confessioneel onderwys aan de respective kerkbesturen wordt overgelaten";
d. „waarin de verschillende schoolbesturen naar omstandigheden alleen zullen behulpzaam zyn door het ten dienste stellen van schoollokalen als anderzins".

Groot verbeterings is deur die Mansvelt-onderwyswet aangebring: staatstoelaes is verhoog, sentralisasie is ingevoer deur die beperking op kleiner skole; hoër onderwys is uitgebrei; hervorming van die inspeksiestelsel het beter toesig in die hand gewerk; die gebruik van Hollands is strenger in die praktyk toegepas; die administrasie van die onderwys is op ŉ gesonder basis geplaas.[1)]

Die Mansvelt-wet en die Taalklousule.

Een van die verbeterings wat Mansvelt aangebring het en wat sedertdien ŉ twisappel geword het in al die jare daarna, was die aktuele vraagstuk van taalonderrig en die medium van onderwys.

Mansvelt, as beyweraar vir die Hollandse taal, het doelbewus daarna gestreef om Hollands sy ereplek in die onderwys in Transvaal toe te ken, ten spyte van die feit dat dit in die Kaapkolonie uit die skole geweer is. Art. 24 van die

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 66-68.

onderwyswet van 1892 het bepaal: „alle onderwys moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen by het onderwys in vreemde talen is het den onderwyzer geoorloofd, zich van de taal te bedienen, welke hy onderwyst".[1)]

In die negentigerjare het die Britse invloed en uitlander-agitasie sterk begin toeneem vir meer voorregte op staatkundige en onderwysgebied.[2)]

Onder Du Toit reeds het verslapping ingetree om die taalklousule toe te pas. In baie gevalle is die wet omseil geword. In hierdie verband het inspekteur C.G. de Jonge oor Engelse en Hollandse onderwys die volgende gerapporteer: „Ook op de buitenscholen neemt het onderwys in deze taal gaandeweg toe, met bevrëdigende resultaten. Op de dorpen bestaat de neiging om deze taal te veel op den voorgrond te plaatsen in stryd met de wet en ten koste van het onderwys in de Hollandsche taal".[3)]

Die toepassing van Art. 24 van die onderwyswet is ernstig gemeen. Nieteenstaande die beperking was daar nog skole wat te vroeg met die onderwys van Engels begin het en daardeur het daar vertraging in die moedertaal voorgekom.[4)]

Vir die onderrig van Engels het die Superintendent gereël dat tot standerd II die onderwys in die moedertaal moes geskied. Slegs in standerd III kon, as dit deur die ouers begeer is, 'n begin gemaak word met die aanleer van 'n ander lewende taal en vir hoogstens drie ure per week.[5)]

Met hierdie liberale toegewing van Mansvelt was die Engelssprekendes nie ingenome nie. Gelyktydig met die taalordonnansie in die Transvaal het die Britse imperialisme sy laaste fase met die Republieke ingetree. Die Britse gedagte wou alle kultuur en staatkunde aan sy wense in Suid-Afrika

---

1. (a) E.V.R.: Notule, 5-5-1892;
   (b) De Volkstem, 7-5-92.
2. Williams: Cecil Rhodes, 50-52.
3. Verslag: Superintendent Z.A.R. 1890, Bylae H.
4. Verslag: Superintendent v. Onderwys, 1891, 9.
5. De Schoolgids: Superintendent v. Onderwys, 1892, 27.

onderhorig maak. Die groot kampvegter en propagandis van die Britse imperialisme se strewe was: „the extension of British rule throughout the world... the colonization by British subjects of all lands where the means of livelihood are obtainable by energy, labour and enterprise.....the foundation of so great a Power as to hereafter render wars impossible and promote the best interests of humanity".[1)]

Om die beleid na die noorde uit te brei, was die onderwys een van die skywe wat die uitlanders gebruik het om die Republieke in diskrediet by die openbare mening van Groot Brittanje te bring.[2)]

Die imperialisme wou deur middel van „peaceful penetration" na die noorde deurdring om die magsposisie in die hande te kry. Mag is nodig om opperheerskappy bokant botsende belange te verkry. In die opsig het Rhodes ywerig na rykdom gestrewe, want hy het besef dat rykdom mag kon bring.[3)]

Deur sy invloedrykheid het Rhodes daarin geslaag om die hulp van die Afrikanerbond onder leidihg van J.H. Hofmeyr te verkry. In die bond het Rhodes 'n kragtige ondersteuner in die persoon van Jan Christian Smuts gevind wat sy ideale help verwesenlik het. Rhodes het besef dat daar aanvanklik nie met geweld opgetree moes word nie. Op vreedsame wyse moes die imperiale planne na die noorde uitgedra word. Die grootste eise vir hierdie planne was organisasie en gekonsolideerde kragte.[4)]

Die uitlanders en die Mansvelt-wet.

Rhodes het besef dat as die Britse invloedsfeer via die Kaap na die noorde uitgebrei moes word, die onderwys 'n kragtige middel daartoe kon wees. Die aanvalle moes op die taal-

---

1. Basil Williams: Cecil Rhodes, 51.
2. Hugo: Die Stemreg-vraagsuk in die Suid-Afr. Rep.,57-88.
3. Michel: The Life of the Rt. Hon. Cecil John Rhodes, Vol. I, 180.
4. (a) Millin: General Smuts, 60;
   (b) Kiernan: General Smuts, 14.

klousule van Mansvelt toegespits word. Die uitlanders was die werktuie in sy hand. In 1892 is hulle ook in die „Transvaal National Union" in Johannesburg gekonsolideer.[1)]

Op meedoënlose wyse het die vereniging die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek aangeval. Aangesien die myne vir die voorspoed van die land verantwoordelik was, moes die uitlanders ook burgerregte besit.[2)]

Hierdie aanvalle het onder die dekmantel van gelyke beregtiging geskied, maar die imperialistiese oogmerke was hoofsaak, naamlik om die kaart van Suid-Afrika rooi te kleur.[3)]

Om die aanvallers tegemoet te kom, het die volksraad ŉ liberale toegewing gemaak in verband met die onderwys van die Engelssprekendes in die Republiek. Dit het getoon dat die Regering nie onverskillig teenoor die onderwys van Engelssprekendes gestaan het nie. Art. 344 wat deur die volksraad geloods is, het bepaal dat skole waarin die medium nie Hollands was nie, tog subsidie mog ontvang vir kinders van nie-Hollandssprekende ouers, op voorwaarde dat hulle onderwys in die Hollandse taal sou ontvang van ŉ onderwyser wat deur die Superintendent goedgekeur is.[4)]

Hierdie artikel het ŉ hewige verset van die kant van die uitlanders uitgelok: „The characteristic trickery and cunning which mark so many of the Boer-Hollander enactments are again apparent here. The proposal is made to appear reasonable, but it is clearly impossible for a child to attain within the time named such proficiency in a foreign language as to be able to receive all instruction in it. The effect and the design are to place English-speaking children at a grave disadvantage compared with Dutch-speaking children".[5)]

Die uitlanders het botweg geweier om die „Besluitskole"

---

1. Vulliamy: The Outlanders, 164 en 257.
2. Hugo: Die Stemreg-vraagstuk in die S.A. Rep., 61.
3. Millin: Rhodes, 61.
4. E.V.R.-Notule, art. 363, 2-6-'92.
5. Fitspatrick : The Transvaal from within, 341.

te ondersteun, want hulle het inburgering, soos hulle gemeen het, heftig bestry. Die uitlanders wou die Britse kultuur en beskawingslewe opbou: „We are the first race in the world, and that the more of the world we inhabit the better it is for the human race".[1)]

In 1894 is hulle agitasie verskerp deur die volksraad te vra om verhoging van toelaes vir hulle skole op die goudvelde. Die volksraad het ŉ addisionele toevoeging in die vorm van subsidies gestem.[2)]

Mansvelt het teen die agitasie, dat die Engelssprekende kinders in die Republiek ingeburger sou word, beswaar aangeteken. Volgens hom is die Engelssprekende kinders hie in die Hollandsmediumskole gedwing nie. In die staatskole kon die skoolkommissies self oor die taalmedium besluit, maar die leerlinge moes in die skole voldoende vordering in die regeringstaal toon om op subsidies aanspraak te maak. Die kennis van beide tale vir die Transvaalse leerlinge het geblyk ŉ dekmantel te wees waardeur die landskinders gedwing word om beide tale te leer, terwyl die kinders van die uitlanders gespaar gebly is om Hollands te leer. Die agitasie is alleen van „de politieke raddraaiers en stokebranden, die overtuigd zyn dat het bolwerk onzer onafhanklikheid gelegen is in het behoud en de handhaving der Hollandsche taal".[3)]

In vergelyking met die Somerset-Chamberlain-Milner-anglisasiebeleid en as teenagitasie het die volgende boekdele gespreek:„No other country would have shown as much consideration to the language of the foreigner. For example, in the United States of America Americanisation of the foreigner is one of the great watch-words of the educational system, and for this purpose the authorities insist that the medium of instruction be English while the language of the foreigner

---

1. Vulliamy: The Outlanders, 141.
2. E.V.R. - Notule, art. 1600, 6-9-'94.
3. Verslag Superintendent Z.A.R., 1894, 9-11.

is given little or no consideration whatsoever."[1]

Uitsluiting van „Particuliere Inisiatief" in die Randse skole.

Nou aansluitend by die Milner-ideaal was die uitlander-motief teen 1895, om vir die eie onderwys van hulle kinders te sorg. Teen art. 344 van 1892 was hulle antagonisties en ontevrede, en hulle wou daar geen gebruik van maak nie, omdat „the policy of the Government tends to foster the spirit of the Anarchist rather than of the loyal burgher".[2]

Die uitlanders het nie van die skole gebruik gemaak nie. Gevolglik was hulle kinders sonder onderwys en intussen het die uitlanders in 'n onophoudelike stroom op die goudvelde toegesak.

In April 1895 het prokureur H.S. Caldecot in 'n openbare vergadering in Johannesburg die aandag gevestig op die onbevredigende toestand van die onderwys op die goudvelde en die skuld op die Regering gelaai. Hy het die inwoners van Johannesburg aangemoedig om vrye skole te stig waarin Engels die voertaal van die onderwys sou wees. Hy het ook 'n „Council of Education" aanbeveel. Om die doel te bereik, het hy ook aan die hand gedoen om 'n kwart miljoen pond in te samel.[3]

Op 15 Junie 1895 het so 'n saamgestelde onderwysraad sy eerste sitting gehou en 'n eie direkteur van onderwys is benoem.[4]

Deur die geweldige instroming van vreemdelinge op die Rand het die onderwystoestande teen 1896 begin hande uitruk. Nuwe skole, leerkragte en skoolbenodigdhede moes voorsien word. In hierdie jaar het die Volksraad deur wet nr. 15 agt skole onder staatskontrole oorgeneem.[5] In 1899 was daar dertien sulke skole. Vier van hierdie skole was Engelsmedium

1. Malherbe: Education in South Africa, 288-289.
2. The Star: 30 - 4 - 95.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 68 - 69.
4. Ibid.
5. E.V.R. Notule: Art. 1060, 30 - 7 - 96.

en die res dubbelmedium. Alle leerlinge het hulle aanvangsonderwys in die moedertaal ontvang. In alle skole moes geleidelik meer Hollands geleer word.[1]

Met hierdie skole is die „particuliere inisiatief" uitgesluit, want die stigting van die skole het van die staat uitgegaan.

Met die skole wat deur die Council of Education opgerig is, was dit net so gesteld. In 1897 het die Raad ses sulke skole opgerig met 'n inskrywing van 813 leerlinge deur fondse wat self geïn is.[2] Die Raad het dwarsdeur die Tweede Vryheidsoorlog bly ageer, en ook gedurende die jare na die oorlog tot 1907 aktief gebly.

## 2. Onderwys in die Kroonkolonie 1900-1905 as Rigsnoer vir die Smutswet van 1907.

### (a) Onderwys gedurende die Oorlogsjare 1900-1902.

#### (i) Inleiding.

Vanaf 1836 tot 1899 het een beginsel die Britse beleid gekenmerk ten opsigte van die Afrikaners wat nie onder Britse gesag gestaan het nie. Hierdie beginsel was „British paramountcy". Almal het van die beginsel uitgegaan dat die Britse belange die deurslaggewende faktor in die Suid-Afrikaanse politiek moes wees.[3] Die strewe om Suid-Afrika ekonomies aan Brittanje onderhorig te maak, en die strewe om die Britse gedagte te laat seëvier, dit is wat blykbaar aan die einde van die neëntiende eeu alles onder „British Paramountcy" verstaan is. Omdat „British paramountcy", volgens die opvatting van so baie Britte moes seëvier, het die uitbarsting ten slotte met die twee Republieke gekom.[4]

Die grootste taak om „British paramountcy" in Suid-Afrika te vestig, is deur die Britse kabinet aan Sir Alfred Milner,

1. V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 74-76.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 68.
3. Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 12.
4. Ibid., 14.

„a firmly congealed Imperialist with an unyielding and autocratic manner",[1] as hoë kommissaris in 1897 opgedra.[2]

Milner was die groot stukrag van hierdie allesoorheersende Britse ideaal in Transvaal. Doelbewus het hy op oorlog met die Republieke afgestuur, want dit was die enigste middel om sy ideaal van opperheerskappy in Suid-Afrika te verwesenlik. Lank voordat Chamberlain die slagoffer van die oorlogspsigose geword het, het Milner reeds besluit om met Transvaal twis uit te lok.[3]

Tot 1905 het Milner die belangrike sleutelposisie beklee, hoogsvoldaan in die opsig dat sy motto „to break the dominion of the Africanderdom", na veel lyde en smart geslaag het.[4]

(ii) <u>Milner se Anglisasie-beleid.</u>

Milner het behalwe sy Hoë Kommissarisskap ook goewerneur van die pas verowerde Kroonkolonie geword. Hy het hom ernstig in sy hoofkwartier in Johannesburg aan rekonstruksiewerk gewy.[5]

Aangehelp deur sy beroemde "Balliol kindergarten" - ŉ groep gegradueerdes wat hy spesiaal in Brittanje uitgekies het, het Milner aan die einde van die oorlog die administrasie van die voormalige republieke oorgeneem. Onder die prokonsul se begaafde assistende was John Buchan en Patrick Duncan (later goewerneur-generaal van Kanada en Suid-Afrika onderskeidelik).[6]

Dit was die strewe van die nuwe bewind om ŉ „gefedereerde Brits-Suid-Afrika in ŉ gefedereerde Britse Ryk" tot stand te bring met ŉ ryksparlement in Brittanje wat sy lotsbestemminge vanaf ŉ afstand sou bestuur.[7]

---

1. Vulliamy: The Outlanders, 257.
2. Cd. 2482 - 1905, 182.
3. Crafford: Generaal Smuts, 37.
4. Cd. 2482 - 1905, 182.
5. Milner Papers, II, 381.
6. Ibid.
7. Ibid.

Om 'n gefedereerde Brits-Suid-Afrika te skep, moes die Britse element gevoelig versterk word en daardeur sou die Britse belange ook verstewig word. In die eerste paar jaar na die oorlog het byna drieduisend Britse vrouens na Suid-Afrika geïmmigreer.[1] „They are a potent instrument in Anglicising or keeping alive the English sentiment of a colony and strengthening those ideal ties that bind the Mother Country and her daughter into one Imperial whole."[2]

Hierdie immigrante moes die kultuurdraers van Engeland wees. In 'n opgestelde program van Milner sê hy: „Next to the composition of the population, the thing which matters most is its education.....In the new colonies the case will be easier to deal with, provided we make English the language of all higher education. Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else. Language is important, but the tone and spirit of the teaching conveyed in it is even more important".[3]

Met hierdie doelgerigte beleidsverklaring het Milner sy taalvraagstuk aangepak. Geen treffender ooreenkoms met die verengelsingsbeleid van die Kaap na 1806 en die van Transvaal vir byna 'n eeu daarna, kon toegepas word nie. Net soos Somerset die onderwysbeheer en administrasie in die staat gekonsentreer het, so het Milner dit op sy „kindergarten"-administrasie toegepas. Die onderwysbeheer het hy deur uitgesoekte manne uit Engeland laat uitvoer. Milner het van die veronderstelling uitgegaan dat niemand in Suid-Afrika geskik is om belangrike betrekkings in sy regering te beklee nie.[4]

Die hele onderwysmasjinerie het Milner onder sy jurisdiksie gehad. Onder hom as Hoë Kommissaris het hy die Luitenant-Goewerneur-in-Rade benoem aan wie hy die onderwys toe-

---

1. The Star - 3 - 6 - '03.
2. The Star -28 - 4 - '02.
3. Milner Papers, II, 243.
4. MacDonald: Wat ek in Suid-Afrika gesien het, 108.

vertrou het. Onder die liggaam was 'n direkteur van onderwys. E.B. Sargant[1] het eerste die pos beklee, bygestaan deur Fabian Ware[2] as onder-direkteur.

Deur hierdie gekonsentreerde beleid kon die republikeinse state makliker en gouer suiwer Britse kolonies word. Alle seggenskap in onderwyssake waaraan die Transvalers so gewoond was, is vernietig. Die gevolg was dat alle plaaslike inisiatief, 'n kenmerk van die C.N.O.-beleid, verswak het. Hierdie burokratiese stelsel van administrasie is vir politieke doeleindes vanaf 1900 voortgesit toe die vernaamste sentra in die Republiek in Britse hande geval het.[3]

(iii) Die Kampskoolstelsel: Vervanging van die Christelik-nasionale Onderwys.

**Histories.**

Nadat die Britse magte die vernaamste stede en dorpe in die twee Republieke beset het, is die stryd vir nog twee jaar deur die republikeine bo verwagting voortgesit. Om die stryd gedwonge te beëindig, moes tot 'n militêre daad oorgegaan word wat die strydende Boeremagte sou genoodsaak om te kapituleer.[4]

Onder die dekmantel van humaniteit, maar met die doel om alle bronne van lewensmiddele van die bittereinders weg te neem en „to stamp out Africanderdom", is die gesin aangetas en die vrouens en kinders in konsentrasiekampe geplaas. „It became evident that it was the duty of the British, as a civilised people to form camps of refuge for the women and children, where, out of reach, as we hoped, of all harm, they could await the return of peace."[5] Afgebrande wonings, verlatenheid en afwesigheid van blankes in groot dele van Transvaal het getuig van die werk van troepe om die huisgesinne na goedgekeurde sentra te vervoer.[6]

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 298.
2. Ibid., 300.
3. Ibid., 316.
4. Beak: The Aftermath of the War, 22.
5. Doyle: The War in South Africa - Its Cause and Conduct, 9(
6. Napier Devitt: The Concentration Camps in South Africa, 16.

Nou was die geleentheid daar om met die anglisasie van die jeug van die saamgehokte „vlugtelinge" te begin. Die republikeinse onderwysstelsel kon nou deur ʼn suiwer Britse skoolstelsel vervang word om die ideale van die Britse owerheid te verwesenlik.[1)]

Die Doel van die Kampskole.

Uit ʼn filantropiese en humaniteitsoogpunt moes die skole ʼn ligpunt vorm „with a view to make them understand more clearly the causes of the war, the motives of Her Majesty's Government and their future position as British subjects".[2)] „That single-minded loyalty which characterises our other colonies." moes by die volk ingeprent word. Om dit te bevorder en aan te moedig, moes die enigste mikpunt die onderwys wees.[3)]

Groot getalle onderwysers moes dan ingevoer word om die opvoedingstelsel op ʼn hoër peil te plaas. Vanuit ʼn politieke standpunt was dit ʼn groot sprong vooruit dat die Boerevrou, die ergste opponent van die Britse bestuur, nie alleen sou besef dat die Britte haar wou ondersteun nie, maar ook dat by haar liefde en vertroue teenoor die Britse owerheid aangekweek sou word.[4)]

Die uiteindelike doel met die onderwys was om die kinders die Engelse taal te leer en om die gebruik van Engels onder die opkomende geslag van Boere in die verowerde gebied te bevorder:"I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden."[5)]

Engels was dan ook die medium van onderrig in die kampskole, terwyl Hollands net by godsdiensonderrig gebruik is.[6)]

---

1. Cd. 547/1901, 70.
2. Sec. Transvaal Administration, Nos. 801/1901 en 3172/1901.
3. The Star 22-1-'02.
4. Amery: The Times History of the War in S. Afr.,VolVI,35.
5. Secretary Tvl. Administration, No. 3172.
6. Cd. 819,171; Report Director of Education 1900-1909, 1.

Om hierdie beleid ten uitvoer te bring, het die owerheid besluit om alle onderwys in die verowerde gebiede en in die kampe te sentraliseer onder 'n aparte onderwysdepartement met 'n direkteur van onderwys aan die spits.[1] In hierdie geval het die taak op E.B. Sargant as eerste direkteur van onderwys geval om die beleid tot die fynste besonderhede uit te werk.[2]

Sargant se eerste Stempel op die Onderwys.

Sargant het geweet watter invloed die skool in verowerde gebiede in die Britse Ryk kon uitoefen om eenheid te verkry. Sy doel was dan om die skole in die verowerde Republieke onder die Britse beleid vir eenvormigheid saam te snoer.[3]

Om sy organisasie en administrasie glad te laat loop, het Sargant aanvanklik by wyse van 'n omsendbrief inligting van die kampowerhede ingewin insake inskrywings, akkommodasie en ameublement.[4]

Vir beheer is die kampe in inspektorate opgedeel en vir groter doeltreffendheid is die inspeksiekringe kleiner in omvang gemaak met distrikshoofonderwysers as hulp vir die inspekteurs bygevoeg.[5]

Hierdie inspekteurs en inspekteurshoofde het die Engelse onderwystradisie in Transvaal ingedra, want hulle was uitsluitlik onderwysers uit die Engelse stam. Hulle moes sorg dat die onderwys volgens Britse model toegepas word.[6]

Die magte, pligte en die prosedure van inspeksie van die inspekteurs het groot ooreenkoms met die van vandag getoon. Oorplasings is in die hande van die personeel geplaas. Hierdie gebruik was in Engeland sedert 1895 van toepassing toe oorplasings deur die inspekteurs opgehef is.[7]

---

1. Secretary Tvl. Administration, No. 801/1901.
2. Colonial Secr. to Tvl. Adm. 1027-Miscellaneous Education Matters.
3. (a) Report of Dir. of Educ. 1900-1904, 1;
   (b) Bot.: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 55.
4. Cd. 819, 171, Report Director of Education 1900-1904.
5. T.E.D. Report 1903, 12.
6. Report of Director of Education 1900-1904, 17.
7. Ibid.

Die belangrikste vak waaroor die inspekteurs noukeurig toesig moes hou, was die onderwys van die Engelse taal. Sargant het ook opdrag gegee dat Engels die uitsluitlike medium van onderwys moes wees.[1)]

Nie net blote inspeksie van die leervakke is ingestel nie, maar veral is gelet of die prosedure in die onderwys volgens Britse gees geskied. Die organisasie in die opsig was doeltreffend en deeglik in die sin dat dit die Engelse invloed in die onderwys allesoorheersend gemaak het.[2)]

Saam met die inspekteurs het die onderwyspersoneel die Engelse stempel hier afgedruk. In die begin het die gebrek aan onderwysers die owerheid baie hoofbrekens besorg en die uitvoering van die onderwysbeleid vertraag.[3)]

Daar was verskeie gekwalifiseerde onderwysers in die kampe, maar hulle was meestal Hollanders, wat nog in diens van die Republieke was. Die Engelse owerheid wou nie van hulle dienste gebruik maak nie omdat hulle geweier het om die eed van getrouheid aan die Britse koning af te lê. Daarby sou hulle die Christelik-nasionale onderwys bevorder. Intussen is tog nog van hulle dienste gebruik gemaak, dog sodra Britse onderwysers bekombaar was, is hulle as hoofde benoem. Die Britse owerheid wou hulle nie in verantwoordelike betrekkings aanstel nie, omdat hulle nie te vertrou was nie.[4)] Engelse hoofde is sover moontlik gebruik:

> „Considering the enormous influence upon the future of South Africa which the education of the rising generation will exercise, politically as well as intellectually, I think that it would be advisable that the headmasters in all the schools in the burgher camps should be loyal Britishers, and if possible, at least half of his assistants should be the same."[5)]

Om in die dringende behoefte te voorsien, het Sargant in

---

1. T.E.D. Report 1904, Bylae E, 65.
2. Cd. 936, 1902, 13.
3. Cd. 819, 902, 170-172.
4. Cd. 819, 1901, 298.
5. Ibid.

1901 aan Milner geskryf dat die owerheid 'n beroep op Engeland moes doen om Britse dogters na Suid-Afrika te stuur. Hulle moes die groot taak wat hulle vaders nie in staat was om te voltooi nie, volbring. Die krysgpolitiek het die grootste gedeelte van die kinderbevolking in die kampe vergader en die geleentheid was nou daar om almal Engels-georiënteerd te maak. Met nadruk het hy aangedring dat: „what we want out here at present are women, thoroughly good teachers and of patriotic mind...in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals".[1)]

Stadigaan is die tekort aan Engelse onderwysers aangevul, eers uit Groot Brittanje en later uit alle dele van die Britse Ryk. Met die vrede van Vereeniging in Mei 1902 was hier reeds 356 Britse ingevoerde onderwysers uit 'n totaal van 992 in diens van die departement van onderwys.[2)]

Die aankoms van die onderwysers het 'n heilsame invloed op die leerlinge uitgeoefen. Dit het getoon dat dit 'n plesier was om die skole te inspekteer, „and to note the intense eagerness to learn, displayed by the children".[3)]

As uitgangspunt het Sargant aan sy nuwe onderwyserskorps die leergange wat in die Kaapkolonie gevolg is, opgedra. Die kulturele vakke is ook soos die in die Kaapkolonie gevolg. Die belangrikheid van Engels vir die Boerekinders is altyd beklemtoon: „There can be no doubt that for purposes of modern life - for commerce, for law, for official purposes - English must be the paramount, and, indeed the only language throughout South Africa".[4)]

Slegs die mees elementêre vakke is onderrig terwyl die geskiedenis van Suid-Afrika voorlopig agterweë gelaat moes

1. Report of Department of Education, 1900 - 1904, Bylae III, 10 - 11.
2. Ibid., 19.
3. Cd. 936, 1902, 13.
4. The Transvaal Education Report, Jan.-June, 1901, 14.

word,[1] want dit sou politieke gevoelens opwek.[2]

Later is meer vakke ingevoer, maar die Engelse taal was verreweg die vernaamste vak en daaraan is die meeste aandag gewy. Met inspeksies is veral op die Engelse taalonderrig gelet as die leerlinge bevordering wou verkry.[3]

Hoewel daar by verskeie mense agterdog en teenstand teen die anglisasieproses ontwikkel het, het die Sargant-onderwysbeleid wel deeglik sy invloed laat geld. F.C. Symington sê tereg omtrent hierdie beleid: „Een van die groot doelstellings van die kampskole, naamlik om by die Boerekind 'n gevoel van lojaliteit en simpatie vir Engels en die Engelse Kultuur te laat posvat, is ongetwyfeld tot 'n groot mate bereik. Die tyd wat in die Engelse georiënteerde skole deurgebring is, veral onder invloed van die Engelse onderwyseresse, kon nie anders as op baie leerlinge 'n blywende invloed ten gunste van die Engelse kultuurgoedere en taal nalaat nie".[4]

Die kampskoolstelsel het 'n hegte grondslag van die Britse onderwysstelsel in Transvaal gelê. Die oorlogsomstandighede het vir die Britse bewind die gulde geleentheid geskep om sy groot anglisasievoornemens na goeddunke uit te voer. Dit was nie 'n stelsel wat bedoel was om by die behoeftes van die volk aan te pas nie, maar 'n stelsel waarby die volk noodgedwonge verplig was om homself aan te pas. Op hierdie grondslag sou daar in die toekoms gebou word. Die jare 1902 tot 1905 is dan ook gekenmerk as die periode van Milnerisme met 'n gesentraliseerde en rekonstruktiewe onderwysbeleid.

(b) Die Periode van Rekonstruksie van die Onderwys deur Milner volgens Engelse Model, 1902-1905.

(i) Histories.

Met die vrede van Vereeniging op 31 Mie 1902, is die

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Tvl. en O.V.S. 60, en die Report of Dir. of Educ. 1900-04. Bylae XIV, 51-55.
2. Cd. 1901, Instructions for the Headmasters, ens.70-71.
3. Symington: a.w., 62.
4. Ibid., 66.

wrange eindtoneel van die onafhanklikheid van die twee Boererepublieke afgespeel. As verowerde state is hulle in die ry van kolonies van Groot Brittanje ingeskakel.[1]

Groot verandering het vir die twee republieke ingetree. Lord Milner is tot goewerneur van die twee gewese republieke benoem met 'n onbeperkte mag en bygestaan deur Sir Arthur Lawley as luitenant-goewerneur van Transvaal. As verowerde republikeine moes hulle nou toesien hoe Milner sy groot imperiale doelwit nastreef. Met die woorde van Lord Kitchener na die ondertekening van die vredesverdrag op Pretoria: „we are good friends now", moes die verowerde Boerevolk gedwee hulle lot ondergaan.[2]

Reeds was ingrypende veranderings deur Sargant met sy kampskoolstelsel aangebring. Met een pennestraap[3] is die gevestigde Christelik-nasionale onderwysstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek vervang. Op die kampskoolstelsel is die nuwe Britse onderwysbeleid verder gebou.[4]

(ii) Die Administrasie en Onderwysbeheer.

Sargant het as direkteur van onderwys na die verstryking van die kampperiode tot Julie 1903 aangebly. Om die onderwys meer te sentraliseer en doeltreffender te beheer is Sargant as opvoedkundige raadgewer van Milner aangestel.[5] Hierdeur sou hy alle mag oor die onderwys beklee. In sy mag was gekonsentreer die formulering van die onderwysbeleid, die uitvoering daarvan, die juistheid van prosedures met die aanstelling en die ontslag van amptenare.[6]

Om die hoogsgesentraliseerde onderwysmasjinerie doeltreffend te maak, moes Fabain Ware, die nuutaangestelde di-

1. Walker: A History of South Africa, 505.
2. (a) Breytenbach: Gedenk-album: Twoede Vryheidsoorlog, 325; (b) Milner Papers II, 380-381.
3. Proklamasie Nr. 9 van 1892 het Onderwyswet van 1892 herroep: Transvaal Col. Proclamations 1900-1902, Nr.9 van 8/2/1902.
4. Malherbe: Education in South Africa, 315.
5. Report of Dir. of Education 1900-1904, 25.
6. Ibid., Bylae 32, 153-155.

rekteur, alle voorstelle in verband met wetgewing oor onderwys, aanstellings en finansies aan hom voorlê, voordat besluite deur die Uitvoerende Raad gemaak kon word.[1)]

Vir die verwesenliking van hierdie onderwysdoelstelling het Sargant die funksies en magte van die direkteur, die sekretaris van onderwys, die hoof van die normaalkollege, hoofde van skole en inspekteurs deur regulasies omlyn. Terwille van doeltreffende beheer is die Transvaalkolonie in provinsies en laasgenoemdes weer in distrikte onderverdeel. In elke uitgesoekte dorp van hierdie provinsies is 'n provinsiale skool gestig, wat as opvoedkundige inrigting van daardie gebied sou dien. Die hoofde van sulke skole moes ook as inspekteurs van die dorpskole van hulle bepaalde distrikte ageer. Die hoofde van die distriksdorpskole moes op hulle beurt weer as inspekteurs van die wyk- en plaasskole optree.[2)]

(iii) Onderwyswetgewing.

Die doel van die Sargant-Milner-onderwysstelsel met die skole was om die Britse gedagte in die verowerde gebiede in te voer. Van die begin af is aandag geskenk aan die ontwerping van 'n onderwyswet om die onderwys deur wetgewingg vas te lê. Met die formulering van die wet was Sargant altyd in voeling met sy politieke hoof, Milner. Die eerste merkbare verandering in die wetgewing was die prosedure van stigting van nuwe skole. Waar die ouers tydens die republikeinse periode die inisiatief in die stigting van skole geneem het, het die Britse bestuur die funksie uit die hande van die ouers geneem.[3)]

Hierdie onderwyswetgewing wat tot dusver in die praktyk toegepas is, was het 'n gedeelte van die onderwysbeleid soos dit in die ordonnansie vervat is. Die ander gedeelte moes nog uitgetoets word. Die eerste gedeelte het die ontwikke-

1. Report of Dir. of Education 1900-1904, Bylae 32, 153-155.
2. Malherbe: Education in South Africa, 309.
3. Report of Director of Education, 1900-1904, 21-22.

ling van 'n kostelose nie-sektariese en nie-verpligte stelsel van laer onderwys vir blanke kinders behels; staatsondersteuning aan kerkskole wat behalwe die gewone onderwys ook industriële onderrig aan die naturellebevolking gee; die stigting van hoër- en normaalskole onder staatsbeheer; die stigting van tegniese skole op so 'n grondslag dat hulle later deel van 'n doserende universiteit kon word; verpligte registrasie van privaat skole sodat die staat in verband met sanitêre toestande, die skoolbesoek en kwalifikasies van leerkragte beheer kon uitoefen, en laastelik die samewerking van die verskillende kerke met die staat in verband met godsdiensonderwys in die skole.[1] Die gedeelte van die beleid wat sou handel oor toelae aan elke blanke leerling deur die staat en beurse aan buitengewone bekwaamheid, was nog nie volledig geformuleer nie.[2]

Die nuwe onderwyswet van Sargant is deur die Transvaalse Wetgewende Raad as ordonnansie Nr. 7 van 1903 goedgekeur.[3]

Die volgende reglemente was die vernaamste in die wet:

1. Die stigting van 'n departement van onderwys wat beheer sou uitoefen oor laer, hoër, normaal en tegniese onderwys, asook skole vir mynwese, landbou, nywerheid, liggaamlike en geestelike onvolwaardiges. Die departement sou ook voorsiening maak vir beurse aan verdienstelike leerlinge en toelaes gee vir die oprigting en instandhouding van weeshuise, koshuise en biblioteke.

2. Of die onderwys in laerskole vry sou wees, mits die skoolbesoek nie onder 30 leerlinge daal nie, sou deur die Luitenant-Goewerneur besluit word.

3. Bybelse geskiedenis sou in die laerskole gegee word, maar die tyd aan hierdie vak bestee, mag nie meer as twee uur per week wees nie. Die onderrig kon deur medium Hollands geskied. As ouers leerstellige onderwys vir hulle kinders verlang, mag predikante dit gedurende skoolure vir een uur per week in Hollands gee.

4. Enige leerling mag op versoek van sy ouers of voog

---

1. Report of the Director of Education 1900-1904,21-22.
2. Ibid.
3. (a) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 76-77;
   (b) The Transvaal Education Government Gazette, Vol.II, 27th December, 1903, 426.

onderrig in Hollands as vak vir drie uur per week ontvang. Hierdie onderrig het nie Bybelse geskiedenis ingesluit nie. Dit kon beskou word as 'n byvoeging daartoe, mits die totale tyd aan Hollands bestee nie vyf uur te bowe gaan nie.

5. Elke privaatskool met meer as tien leerlinge moes by die departement van onderwys geregistreer word en kwartaalopgawes van onderwysers en leerlinge moes verstrek word.

6. Die Luitenant-Goewerneur-in-Rade kon plaaslike adviserende komitees aanstel en hulle funksies en pligte sou deur regulasies vasgestel word.

Hierdie ordonnansie, die eerste Britse onderwyswetgewing vir die nuwe kolonie, het tot 1905 van krag gebly toe dit deur die Selborne-onderwyswet vervang is. Die ordonnansie van 1903 het ook die sentrale beheer van die onderwys goed omlyn.

(iv) <u>Die Sentrale Onderwysdepartement</u>.

As gevolg van die omvangrykheid van die onderwys het Sargant die onderwysdepartement aansienlik uitgebrei. Om die Britse onderwysbeleid en organisasie verwesenlik te sien, het hy genoegsaam personeel aangestel. Teen die einde van 1903 het die onderwysdepartement beskik oor 'n direkteur van onderwys, 'n sekretaris van onderwys met die hoofkantoor in Pretoria, 'n takkantoor in Johannesburg waar die superintendent van die Johannesburgse en Randse skole gestasioneer is, dertien inspekteurs in die distrikte en nege-en-twintig distrikshoofonderwysers.[1]

Omdat 'n kwaai finansiële krisis in 1903 gedreig het, het die onderwysvooruitgang nie na wense geskied nie. Verslapping, vertraging en frustrasie het ingetree. Om uit hierdie benarde posisie te kom, het Sargant aan Milner voorgestel dat plaaslike skoolkomitees weer in die lewe geroep word. Dit sou veel meer ekonomies vir die onderwys wees en die ouers sou meer belangstelling in die opvoeding van die jeug openbaar. Plaaslike liggame moes die laeronderwys kontroleer terwyl die

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 313.

sekondêre onderwys direk onder die beheer van die departement sou staan. Hier het Sargant 'n suiwer Britse standpunt verkondig, naamlik dat die regering so min moontlik met plaaslike onderwysaangeleenthede sou inmeng. Milner met sy imperialistiese vergesigte het hierdie voorstelle van die hand gewys, hoewel Sargant gesorg het dat die beheer nie uit sy hande geraak het nie. Die burokratiese stelsel is hier sonder afwykings dwarsdeur die Milner-regime toegepas, „for the bureaucratic system of administration was continued for political reasons".[1]

(v) Onderwysontwikkeling tydens die Milner-regime.

Die burokratiese stelsel van Milner-Sargant het stelselmatig 'n vrugbare aarde gevind om sy wortels diep in Suid-Afrikaanse grond in te slaan. In weerwil van baie struikelblokke was daar nogtans 'n gestadige vooruitgang op onderwysgebied te bespeur.[2]

Elementêre Onderwys.

Die jaar 1903 is gekenmerk as die tydperk waarin die plaasskoolstelsel gevestig is. Merendeels is dieselfde leerplan as die van die kampskole gevolg. In die „Provisional Code of Regulations for Elementary Schools with Schedules" deur die direkteur uitgegee, is die leervakke soos volg bepaal: Engels, Hollands, rekenkunde, tekene, naaldwerk, natuurkennis, geskiedenis, aardrykskunde, sang en liggaamsopvoeding.[3] Engels het sowel die medium van onderwys as die belangrikste vak op skool gebly, „for English being the medium of instruction for the children of white parents now that this state has become a part of the British Empire".[4]

Die onderwys van Hollands het baie te wense oorgelaat. Die onderwysers wat hierdie vak moes onderrig, het weinig belang daarin gestel en daarby het hulle 'n beperkte kennis

---

1. Malherbe: Education in S.A., 315.
2. T.G. 25-1908: Statistics of the Transvaal Colony 1902-07, 93

daarvan besit. Ooreenkomstig artikel 6 van die verdrag van Vereeniging is Hollands as vak gedoseer.[1] Baie ouers het geen waarde aan die kennis vnn Hollands geheg nie en baie was ook nie begerig dat hulle kinders Hollands moes leer nie.[2]

Bybelonderrig kon deur medium Hollands aan Afrikaanssprekende kinders doseer word, indien hulle ouers dit verlang het.[3]

In verband met die onderrig van geskiedenis het Sargant die deel wat oor Suid-Afrikaanse geskiedenis handel, uit die leergang geskrap en Engelse geskiedenis en sy verband met buitelandse geskiedenis is ingevoeg.[4]

Die geskiedenis en aardrykskunde moes so aangewend word dat die Britse gedagte bevorder kon word.

<u>Sekondêre Onderwys</u>:

Nie alleen vir die laer onderwys nie maar ook vir die sekondêre onderwys is daar ŉ stelsel in die lewe geroep. Terwyl Sargant die laer onderwys in ŉ mate deur plaaslike besture wou laat beheer, moes die sekondêre onderwys regstreeks deur die departement beheer word. Die soort onderwys wou Sargant streng kontroleer en dit volgens Britse model inrig. Volgens Sargant het daar ŉ begeerte by die denkende en opgevoede klasse van die bevolking ontstaan vir die vestiging van ŉ eg Engelse tipe openbare skool en kollege oor die hele Koloniale Ryk.[5]

In die groot provinsiale dorpe is sekondêre skole met verpligte skoolfondse opgerig. Die beheer van die skole was sterk gesentraliseerd. Die twee hoërskole van Pretoria en Johannesburg het regstreeks onder die beheer van die hoofkantoor gestaan, terwyl die van ander dorpe deur die distriks-

---

1. T.E.D. Report 1903, 107.
2. T.E.D. Report 1904, Bylae E, 42.
3. T.E.D. Report 1905-06, 79.
4. De Volkstem: 7/5/04.
5. The Star: 26/5/03.

inspekteur beheer is.[1]

In 1903 is daar dan behalwe die regulasies vir die laerskole en die normaalkollege ook „Regulations in regard to Secondary Schools" uitgereik, waarin belangrike beginsels omskryf is.[2]

Hierdie regulasies het alleen 'n algemene standaard vir sekondêre onderwys gestel. Geen poging is aangewend om 'n vaste kursus vas te lê nie, soos in die geval van die laerskole. Alleen die drie hoogste klasse is omlyn. 'n Algemene standaard van opleiding is gestel sonder om enige vorm van eenvormigheid te bepaal wat een van die hooftrekke van die Britse sekondêre onderwysstelsel is.[3]

Volgens die inspekteursrapporte is wel minimum leergange aangegee, naamlik Engels, twee ander tale, wiskunde, aardrykskunde, tekenkuns, dril en naaldwerk. Bybelse geskiedenis is in die Pretoriase hoërskool gegee indien die ouers daarom gevra het. Niks is in verband met Hollands gerep nie. In verband met geskiedenis het die verslag gemeld dat die kursus sodanig aangebied moes word dat die student min of meer 'n algehele begrip van die voorwaardes vir sy eie staatkundige en maatskaplike struktuur kon kry.[4] In die verslag is gewaarsku dat enige besonderhede vermy moes word. Die doel van die onderrig van geskiedenis moes so wees dat die hoërskoolleerlinge beskou moes word as die toekomstige baanbrekers en apostels van die Engelse beskawing en kultuur. Die hele onderrig moes op die Engelse lees geskoei wees.[5] Trouens, die Britse invloed was op hierdie tydstip nog oorheersend. Milner het steeds probeer om deurgaans op hoogte van die onderwysontwikkeling in Brittante te bly. In Augustus 1904 het

1. T.E.D. Report 1903, 5-44.
2. Ibid., 121.
3. Secr. Tvl. Administration, 10883 van 10/12/03.
4. T.E.D. Report 1903, 40-44.
5. Lt. Gov. 129, 114 General Matter - Milner aan Alfred Lyttleton, 22/8/04.

hy die onderwysdepartement van Groot Brittanje versoek om die Transvaalse onderwysdepartement te voorsien van „Copies of their Annual Departmental Reports and Codes of Regulations dealing with Education of all Grades".[1)]

Dog Milner en Sargant se poging om deur middel van onderwyswette en regulasies 'n homogene volk te skep, het nie veel vrugte afgewerp nie. In plaas daarvan dat die onderwys hulle oogmerke bevorder het, het dit in werklikheid in die teenoorgestelde rigting gewerk. Die Afrikaanssprekende deel van die bevolking was nou meer vasberade as ooit te vore om sy volkstradisie, taal en godsdiens te handhaaf. Die anglisasiebeleid van die owerheid het egter 'n kragtige reaksie onder die Afrikaanssprekendes uitgelok en wat daarop gemik was om die Boerejeug van denasionalisering te vrywaar. Hierdie verset wat as die Christelik-nasionale onderwysbeweging bekend was, het as teenwig teen die Britse onderwysbeleid gedien.

(c) Die Christelik-nasionale Onderwys as teenwig teen die Britse Onderwysbeleid 1902-1906.

(i) Inleiding.

Hoewel Groot Brittanje seëvierend uit die stryd teen die Republieke te voorskyn getree het, was dit tewens die einde van die wapenstryd, maar die begin van die nuwe kultuurstryd. Die Tweede Vryheidsoorlog het die Afrikaanse volksgevoel om meer as een rede geskok. Die Afrikaanse volk het dit as 'n doelgerigte veragting en vertrapping van die volksiel ingesien. Daaruit is die nasionalisme, wat besig was om uit te sterf, tot 'n splinternuwe lewenskrag herbore.[2)]

Die nasionale bewuswording was dan ook die groot krag agter die beweging van Christelik-nasionale onderwys wat na die

---

1. Lt. Gov. 129: 114 General Matter - Milner aan Alfred Lyttleton, 22/8/04.
2. Langenhoven: Versamelde Werke, XII, 305.

oorlog opgelewe het.[1)]

Hierdie na-oorlogse jare was egter vir die Boerevolk 'n kritieke tydperk. Vir verowerdes was daar min hoop vir die toekoms. Wanhoop het die volk beetgepak en homself van sommige leiers meester gemaak. In 1904 het generaal Smuts sy gevoelens soos volg gelug: „The spirit of South Africa is crushed by the disappointment, the ruin, the losses of the past....I see no ray of light in the future".[2)]

(ii) Die Posisie van Hollands in die Onderwys na die Traktaat van Vereeniging:

Die Boerevolk het rede gehad om veronrus te voel oor die onsimpatieke optrede van die Milner-owerheid. Artikel 5 van die traktaat van Vereeniging het bepaal dat - „de Hollandsche taal zal onderwezen worden in publieke scholen in de Transvaal en de Oranje-Rivier-Kolonie, waar de ouders kinderen zulke verlange, en zal toegelaten worden in de gerechtshoven, wanneer dit nodig is voor de betere en meer doeltreffende administrasie van justitie".[3)]

In die praktyk het hiervan egter weinig tereg gekom. Wat 'n eeu gelede met die tweede Britse inbesitname van die Kaap gebeur het, het nou weer plaasgevind. Die veronagsaming van die Hollandse taal in die onderwys het groot protes uitgelok, met die gevolg dat die Afrikaanssprekende bevolking hulle eie C.N.O.-skole gestig het.

(iii) Ontstaan van die Christelik-nasionale Onderwysbeweging:

In Julie 1903 het generaal Louis Botha in 'n brief in „The Times" die beleid van Chamberlain en Milner heftig aangeval. Hierin het Botha die onderwysbeleid, die afskeping van Hollands in die onderwys, die verdraaiing van feite in die ge-

1. Koers: Feesnommer: Die Selfstandigwording: P.U.K. vir C.H.O. Art. prof. Coetzee: Die Onderwys en Opvoeding van die Afrikaner in die 20ste Eeu, 201.
2. Millin: General Smuts, 193 en 201.
3. Kestell en Van Velden: De Vredesonderhandeling tusschen Boer en Brit, 118.

skiedenisonderrig deur persone wat vreemd teenoor die beskouing en taal van die Boerevolk staan, gehekel.[1] Terselfdertyd is die houding van Milner mooi weerspieël in 'n telegram wat hy aan Chamberlain oor die standpunt van Hollands gestuur het: „English must be the official language, and the principal medium of instruction".[2]

So 'n houding van die owerheid was nie bevorderlik vir die onderwys van Hollands nie.

Die ouers het gevoel dat hulle magteloos staan, want hulle enigste houvas op die onderwys, naamlik die skoolkommissies, is deur proklamasie nr. 99 van 1902 afgeskaf. Die ontstammings- en verengelsingsproses kon toe makliker geskied.

As teenwig teen hierdie drastiese angliseringsbeleid het die Boereleiers die kerk aangewend om die nasiebewuste Afrikaner koers te laat hou. Die Boereleiers het gevoel dat daar nie net by proteste gebly kon word nie. Hierop is oorgegaan om die C.N.O.-beweging in die lewe te roep wat voortaan positief sou optree. Skole sou opgerig word waarin die hoofkenmerke van die vooroorlogse skoolwese behou sou word, soos dit in die Du Toit-Mansvelt-onderwyswette beliggaam is. In die skole moet die volkseie aangekweek en die Christelike volkskarakter uitgedra word.[3]

'n Algemene kommissie tot behartiging van „Kristelike Nationaal Schoolonderwys" is in die lewe geroep. In die begin van 1903 is die „Algemene Kommissie" tot die „Hoofdkommissie voor Christelik Nationaal Onderwys" herdoop.[4]

Die grondslag van die onderwys was Hollands en in die beginjare is nie veel tyd aan Engels bestee nie. Engelse onderwys is geleidelik uitgebrei, sodat daar in die hoër

---

1. (a) The Times, 15/7/03:Brief van Genl.Botha aan Vriend in London;
   (b) Rvl. Legislative Council Hansard I,1903,263.
2. The Milner Papers, II, 335.
3. Het Christelyk Schoolblad, 1/3/05:„Ons Ideaal op 't Gebied van Onderwys".
4. V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 143-150.

standerds eweveel tyd aan die tweede taal bestee is. Die C.N.O.-kommissie het onderhandelings met die direkteur van onderwys oor die onderwysvraagstuk aangeknoop.[1]

Na 'n onderhoud het generaals Botha en Smuts 'n reeks voorstelle ontwerp en dit aan die C.N.O.-kommissie voorgelê waarin onder andere skoolkommissies aanbeveel en Hollands tot standerd IV onderrig moes word. Oor die onderhandelinge het Fabian Ware, die Luit.-Genwerneur, daarop gewys dat Smuts, in teenstelling met die C.N.O.-kommissie, met Hollands as medium slegs tot standerd II tevrede was.[2]

Eers op 19 Februarie 1904, na herhaaldelike versoeke vir samewerking op onderwysgebied aan die koloniale sekretaris deur die C.N.O.-kommissie gerig, het Fabian Ware geantwoord. Die direkteur het voet by stuk gehou en die onderhandelinge het misluk. Ondertussen het die „Hoofdkommissie" met die stigting van skole voortgegaan, sodat daar teen Junie 1904 reeds meer as 200 skole met 'n eie onderwysstelsel aan die gang was.[3] Ongelukkig het daar by die C.N.O.-voorstanders verskil van mening oor die beginsels bestaan.

(iv) Opvattings van die Voorstanders van die Christelik-nasionale Onderwysbeleid.

Op 'n kongres van die V.V.O.O.Z.A. op 26-28 Junie 1905 het dit duidelik geblyk dat daar 'n verskil ten opsigte van die doel van die C.N.O.-skole bestaan het.

Die V.V.O.O.Z.A. en die Gereformeerde Kerk het van die beginsel uitgegaan dat die C.N.O.-skole as vaste inrigtings vir die toekoms opgerig moes word. Selfs nadat die C.N.O.-skole na die staatstelsel oorgegaan het, het die Gereformeerde Kerk met die stryd om die C.N.O.-skool voortgegaan.[4] Aan

---

1. Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 487-503.
2. Lt.-Governor of Transvaal. 129-114/8: Enclosure No. 1.
3. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 368.
4. Coetzee: Die Geref. Beginsel en die Onderwys, 32-38.

die ander kant het die hoofkomitee van „Het Volk"-party en veral die kerkleiers van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk gemeen dat hierdie skole slegs tydelike inrigtings moes wees tot tyd en wyl die regering bereid sou wees om die C.N.O.-beginsels te aanvaar en dan tot die staatstelsel oor te gaah. [1]

Die hoofkomitee van die N.G. of Herv. Kerk het derhalwe met die Britse owerheid ooreengestem dat daar net een stelsel vir albei bevolkingsdele moes wees. Die eerste groep voorstanders het gemeen dat Hollands in die C.N.O.-skole die hooftaal moes wees soos Engels dit in die staatskole was. Die tweede groep, onder leiding van ds. H.S. Bosman, was voorstanders van absolute taalgelykheid tussen Hollands en Engels. Hierdie verskil in beginselsaak het ook aanleiding gegee tot die botsing in die geledere van „Het Volk"-party met die ter tafellegging van die Smuts-onderwyswet van 1907. Nieteenstaande hierdie meningsverskil het C.N.O.-skole kragdadig tot 1906 gegroei.

(v) Ontwikkeling van die C.N.O.-Skole.

Vanaf 1903 is daar goeie vordering met die stigting van die C.N.O.-skole gemaak. Dit het geskied ten spyte van die feit dat geen finansiële steun van regeringsweë ontvang is nie. Die vordering van hierdie skole was ongetwyfeld 'n doring in die vlees van die regering, want die direkteur van onderwys het die Koloniale Sekretaris daarop gewys om dié klas skole goed dop te hou. [2]

Daar het in Transvaal binne afsienbare tyd etlike skole verrys. In Desember 1902 was daar, nieteenstaande die opdraande stryd, 17 sulke skole met 300 leerlinge. In 1905 het die skole tot 228 vermeerder en die leerlinge het tot 9335 aangewas met 419 onderwysers. [3]

1. De Volkstem - 28/6/05 en 1/7/05.
2. Col. Sec. to Tvl. Administration, 1926/03, Fabian Ware aan Col Sec., 17/2/03.
3. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 376.

(vi) Opdraande Stryd van die C.N.O.

Die kerk- en volksleiers het egter hulle verantwoordelikheid teenoor die jeug van hulle volk besef, naamlik om die jeug in 'n Christelike gees te laat opvoed en om hulle van algehele anglisasie te red. Om die skole as teenwig teen die verengelsing te gebruik, het die leiers hulle gewig by die C.N.O.-beweging ingegooi.

Die hoofbesware teen die staatskole was die veronregting van die Hollandse taal;[1] die aard van die godsdiensonderrig[2] en die uitsluiting van die ouerseggenskap.[3]

Volgens art. 6 van die Milner-onderwysordonnansie kon enige leerling op versoek van sy ouers of voog vir 3 uur per week onderrig in Hollands ontvang. Hierdie onderrig sou nie meer as vyf uur per week wees nie, insluitende die onderrig in Bybelse geskiedenis.[4]

Kragtens artikel 5(1) van ordonnansie 7 van 1903 kon alleen twee uur per week aan Bybelse geskiedenis gewy word en wel deur medium Hollands. Artikel 5(11) het bepaal dat aanvullende godsdiensonderwys deur leraars van bepaalde kerkgenootskappe een uur per week binne skoolure aan leerlinge, wat aan hulle kerk behoort, gegee kon word, en wel ook in Hollands. Milner en Sargant het hierdie toegewing gedoen sodat die stigting van die C.N.O.-skole, wat hulle gemeen het deur die Hollandse kerke opgerig sou word, uitgeskakel kan word. Hollandse kerke het nie godsdiensonderwys in die skole gegee nie.[5]

Die aansoek van die Episkopaalse Kerk in Pretoria om dogmatiese onderrig in die Girls' High te gee, is van die hand gewys, want dit sou 'n godsdiensstryd veroorsaak en inmenging in die onderwysbeleid beteken. Volgens hierdie kerk moes

1. The Times 15/7/03: Brief Genl. L. Botha aan vriend in Engeland, 13/7/03.
2. Russell: An answer to the Report of the Director of Education for the Transvaal and O.R.C., 43-48.
3. T.E.D. Report 1903, Bylae T., 133-135.
4. Report Dir. of Educ. 1900-1904, Bylae I, 5.
5. Milner Papers, II, 278-279.

godsdiensonderwys alleen beperk word tot die doseer van Bybelse geskiedenis deur aangestelde onderwysers.[1]

Die stryd is deur die nie-Episkopaalse kerke gewin en hierdie selfde opvatting is later in die Smutswet beliggaam.

Volgens artikel 8 van ordonnansie 7 van 1903 is wel skoolkommissies benoem,[2] maar in verband met die keuring van onderwyskragte het hulle nie die minste seggenskap gehad nie. Hierdie feit was belangrik vir die kerke om met die C.N.O.-stryd voort te gaan. Die reg van die ouers of hulle verteenwoordigers, naamlik om die onderwysers te benoem, is dwarsdeur Suid-Afrika beskou as 'n onbetwisbare plaaslike voorreg. „This feature is practically unique to South Africa, and must be reckoned with by any form of educational administration which may be introduced in this country."[3]

Die Selborne-onderwyswet[4] van 1905 het ook nie met die bogenoemde feit rekening gehou nie. Net soos sy voorgangers het Selborne van die standpunt uitgegaan dat 'n kennis van die Engelse taal vir die Afrikaanssprekende kind die hoogste doel van die onderwys moet wees. Aangevuur deur die imperialistiese dryfveer wou Selborne net soos Sargant die Afrikanerkind heel vroeg verengels en so die beleid van Milner uitvoer: „Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else".[5]

(vii) C.N.O. Kongresbesluite 1905 en 1906.

Na die Selborne-memorandum het die C.N.O.-kongres in Desember 1905 besluit om met die C.N.O.-skole voort te gaan, omdat daar nie voldoende regte aan die ouers toegeken is nie en omdat Hollands nog as vreemde taal behandel is.[6]

1. Debates Legislarive Council of the Tvl. II, 1,1903-1904, 254, par. 507.
2. T.E.D. Report 1903, Bylae T. 133-135.
3. Malherbe: Education in South Africa, 129.
4. Sal in Hoofstuk V behandel word.
5. The Milner Papers II, 243.
6. Die Volkstem, 20/12/05.

Ten spyte van die kritieke finansiële toestand van die C.N.O.-skole het Selborne nie daarin geslaag om deur middel van sy memorandum die skole te beweeg om na die staatstelsel oor te gaan nie.

Op 'n tweede kongres in Maart 1906 het die hoofkommissie na rype oorweging besluit om die C.N.O.-beweging voort te sit. 'n Behoorlike administratiewe masjinerie en organisasie is uitgewerk. 'n Leerplan is opgestel en die voertaal sou Hollands wees tot standerd III. Na die derde standerd moes beide tale op gelyke voet gebesig word en Engels sou verpligtend wees. Die ouers sou 'n skoolkommissie van vyf lede vir elke skool benoem.[1)]

Die kongres het ook 'n brief aan die Luit.-Goewerneur gerig vir ondersteuning in die vorm van subsidie. Die kongres het ook hulle sterkste afkeuring te kenne gegee oor die bepalinge van die onderwyswet van 1903 wat die reg aan die departement verleen het om in die sake van private skole in te gryp. Die kongres het gemeen dit sou in stryd met die regte van die ouers wees.[2)]

Ten gevolge van die weiering van die Luit.-Goewerneur „that any school subsidised by the Government must adopt the Government Code and be subject to Government inspection,[3)] het die hoofkommissie sy spyt uitgespreek dat die C.N.O.-skole nie gesubsidieer kon word nie. Die lede van die C.N.O.-beweging sou dus maar die onreg ly deur belastings vir staatsonderwys te betaal en benewens ook nog vir die onderwys van hulle eie kinders te vergoed.[4)]

Weens gebrek aan fondse het die C.N.O.-skole in die laaste helfte van 1906 vinnig begin kwyn.

Die grootste gevaar het geblyk te wees die feit dat die hoofleiers van „Het Volk", soos generaals Botha en Smuts, se

---

1. Die Volkstem,2 /[illegible]/0[illegible] en 24/3/06.
2. Lt.Gov. of Tvl.132/114/98-H. Visscher aan Lt.Gov. 22/3/06.
3. Ibid., 132:114/8 - Lt.Gov. aan H. Visscher, 28/4/06.
4. Ibid.,132:114/8-H. Visscher aan Lt. Gov.,2/6/06.

belangstelling en gevoel vir die C.N.O.-begin verflou het.[1]

Generaal Botha het op die kongres van „Het Volk" in Desember 1906 verklaar dat daar twee onderwysstelsels in die land is en dat hy net een wou hê om op die wyse beide rasse bymekaar te bring.[2] Dit was ten volle ooreenstemmend met die politiek vnn Sargant en Milner, naamlik „to fuse the discordant elements of the community into one people".[3]

As gevolg van die armoede onder die Boerebevolking het die C.N.O. steeds verder gekwyn. Finansieel was die beweging nie meer in staat om die skole te onderhou nie. In die Smutswet van 1907 is die Engelse onderwysbeleid vasgelê en die C.N.O. is daarin opgeneem. Smuts het gemeen om die Britse en die C.N.O.-beleid in die wet saam te vat. In die letter van die wet het dit nie geskied nie maar sy wetgewing is op die bestaande Britse stelsel gefundeer.

3. Kritiese Samevatting.

(a) Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek.

(i) Inleiding.

Die eerste dertig jaar van die ontwikkeling van die Transvaalse onderwys was ŉ baanbrekerstydperk. Weens die pionierstoestande kon geen suksesvol georganiseerde onderwysstelsel opgebou word nie, maar die Voortrekkers het nogtans, in weerwil van alle hindernisse, elke geleentheid te baat geneem om hulle kroos die nodige opvoeding te skenk.

In hierdie tydperk het hulle hulle oë na die stamland Holland gerig. Die onderwys in hierdie periode is dan ook op Hollandse en Kaaps-Hollandse lees geskoei, waarvan die Hollandse invloed oorheersend was.

In die sestigerjare het daar egter ŉ nuwe invloed in die Transvaalse onderwys begin insypel, naamlik die Engelse in-

---

1. Het Christelyk Schoolblad, 1/4/06.
2. De Volkstem, 8/12/06.
3. Milner Papers II: Milner aan Chamberlain, 29/9/02, 278.

vloed. Die Britse bewindhebbers sou voortaan meer doelbewus daarna streef om die Transvaal onder hulle heerskappy te kry en so hulle invloedsfeer uit te brei. Van die invloed sou die Transvaalse onderwys nie ongeskonde bly nie.

(ii) <u>Die Invoering van Engels in die Transvaalse Onderwys in 1866.</u>

Tot 1860 het die skoolreglemente in Transvaal onvoldoende geblyk te wees om in al die volksbehoeftes te voorsien. Die „Algemene Skoolkommissie" het derhalwe in 1866 'n nuwe onderwyswetsontwerp opgestel.[1)]

Hierdie wet is uiters belangrik omdat ten opsigte van die Britse invloed die Engelse taal hier amptelik in die onderwys ingevoer is. In 'n skrywe aan die volksraad gerig, tesame met die voorgestelde wetsontwerp, is die Raad daarop opmerksaam gemaak dat die goeie betrekkinge met die Britse regering en sy onderdane dit raadsaam gemaak het om die onderwys van die Engelse taal in die Wet in te voeg.[2)]

Hierdie wet kan beskou word as die dun punt van die wig in verband met die bevordering van die Britse invloed in die Transvaalse onderwys.

Kaaps-Britse invloed is daar dan ook nog nie in hierdie wetgewing te bespeur nie. Die Kaapse regering het wel in 1865 die onderwyswet aangeneem, maar uiteraard was die Suid-Afrikaanse Republiek nie geneë om die Kaapkolonie na te volg nie. In teenstelling met die Kaapse onderwyswet van 1865 wat Hollands as taal uit die Kaapse skole geweer het, was die volksraad van die Republiek bereid om Engels in die skole te laat onderwys.[3)]

Daarby moet in gedagte gehou word dat die Transvaalse leiers van destyds nog geen duidelike beeld van 'n bewuste volksidee gehad het nie. 'n Eie ontwikkelde volkstaal was nog nie by die leiers aanwesig nie. Deur die onbewuste druk van

1. E.V.R., 6B, Art. 529-547, 23 en 24 Maart,1866.
2. E.V.R. -11/109, 16/3/66.
3. Ibid.

die Britse handel het hulle ongetwyfeld gevoel dat 'n kennis van Engels vir die opgroeiende geslag 'n onontbeerlike vereiste was. Trouens, die geskiedenis het duidelik getoon dat die Transvaalse bevolking nie teen die Britse taal was nie, maar teen sy staatkundige beleid van anneksasie en anglisasie.[1]

Hoewel die Britse invloed in hierdie wet van 1866 in die taalbepalings gesien word, het dit in die toekoms nie net tot die onderwys van die Engelse taal beperk gebly nie, dog dit het verbreed.

Die invoering van Engels in die Transvaalse skole het in die praktyk daartoe gelei dat byna al die skole van toe af parallelskole geword het.[2]

Tot die sewentigerjare sou die onderwys nog meer aan die Engelse invloed blootgestel wees.

(iii) Britse Invloed in die Onderwys na 1866.

Met die amptelike erkenning van Engels in die Transvaalse onderwys is in verskeie dorpe onmiddellik begin om Engelse onderwysers te verkry. Op Potchefstroom het dubbel-sowel as parallemediumskole ontstaan.[3]

Hiermee was die Engelssprekendes nog nie tevrede nie. Oral in die groter dorpe het privaat Engelse skole ontstaan met uitsluitlik Engels as medium van onderrig.[4]

Die resultaat van die 1866 onderwyswet was dat Engels sy kontinuïteit in die Transvaalse onderwys bly behou het, terwyl Hollands na 1900 tot 1907 'n minderwaardige plek in die onderwys beklee het.

(iv) Die Burgeronderwyswet nr. 4 van 1874:

Met die ampsaanvaarding van president Burgers in 1872 was die onderwystoestande alles behalwe rooskleurig. Sy on-

---

1. Thos. Burgers: Schetsen uit de Transvaal - heruitgegee deur S.P. Engelbrecht, 18.
2. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 123.
3. O.D.I. No. 19, 6/8/66.
4. O.D.I. a: Verslag van Potchefstroomse Skoolkommissie, 28/2/7D.

derwyswet, die eerste volledige onderwyswet van die Suid-Afrikaanse Republiek, het voorsiening gemaak vir 'n onderwysdepartement met 'n superintendent-generaal van onderwys. Dit is hoogswaarskynlik dat dit 'n skepping na die model van Amerika is waar so 'n pos bestaan het en dat hy dus nie deur ander lande beïnvloed is nie.[1)]

Die moontlikheid bestaan ook dat Burgers die Kaapse subsidiestelsel van 1843 as voorbeeld geneem het.[2)]

Volgens hierdie wet is die skole staatondersteunde inrigtings in navolging van die Hollandse wet van 1857, want in die Hollandse skoolwet van 1801, artikel 2, is vir subsidies voorsiening gemaak.[3)]

Op sy beurt weer is die Kaapse stelsel 'n navolging van die Britse subsidie-stelsel wat in 1839 in Brittanje in die lewe geroep is.[4)]

Hierdie Burgerswet het die magte van die plaaslike skoolkommissies heelwat uitgebrei. Die skoolkommissies was die spil waaromheen die hele onderwysstelsel gedraai het. Die kommissiestelsel onder die Burgerswet was 'n ontwikkeling van die grootste belang en 'n voortsetting van die ou Kaap-Hollandse tradisie.[5)] Hier is die beginsel vasgelê dat die ouers in die beheer van die onderwys en in die benoeming van onderwysers 'n aandeel moes hê.

Ook is die leerplan volgens die Hollandse onderwysbeleid vasgelê.[6)]

Ten opsigte van die sekularisering van die onderwys het die Hollandse onderwyswet ook as model gedien. Artikels 98 en 135 van die Burgerswet is feitlik 'n woordelike weergawe van die Hollandse onderwyswet. Die skoolonderwys moet met

---

1. Cubberley: The History of Education, 687.
2. Woltjer en andere: Het Onderwys in Nederland, 375.
3. Pells: The History of Education in South Africa, 32.
4. Barnard: A Short History of English Education, 1760-1944, 115.
5. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 88-89.
6. Scheepstra en Waltsra: Beknopte Geschiedenis van de Opvoeding en het Onderwys, vooral in Nederland, 76-77.

die aanleer van gepaste en nuttige kundighede diensbaar gemaak word aan die ontwikkeling van die verstandelike vermoëns van die kinders en aan hulle opleiding tot maatskaplike deugde.[1]

Die neutraliteitsbeginsel van Burgers insake godsdiensonderwys wat hy in die skool wou invoer, is 'n getroue weergawe van die Hollandse wet. Artikels 26 en 51 van die Burgerswet het dieselfde gees as artikel 23 van die Hollandse wet gevolg: „De onderwys onthoudt zich van iets te leeren te doen of te later leeren wat strydig is met den eerbied, verschuldigd aan de godsdienstige begrippen van andersdenkenden".[2]

Omdat geen leerstellige godsdiens in die skole onderrig mog word nie, het 'n sterk reaksie daarteen ontstaan, sowel as teen die liberalistiesgesinde onderwyshoofde en die president. Die Hollandse onderwys is ondermyn, terwyl die Engelse skole hieruit voordeel getrek het en die Britse invloed in die onderwys verstewig is.

Dit het ten gevolge gehad dat die Britse anneksasieplanne verhaas is en die Britse invloed so toegeneem het dat dit onmoontlik was om dit streng aan bande te lê. Artikel 36 van die wet het dan ook bepaal dat: „Iederen ouder of voogd staat het vry, naar verkiezing, zyne kinderen in de Nederduitsche of Engelsche taal te doen onderwyzen".

Dit was tipies van die dae tussen 1866 en 1877 toe die Engelse taal dwarsdeur die Republiek populêr was.[3]

Uit hierdie toestand van die skoolwese kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Engelse onderwys besig was om die Hollandse staatsonderwys te verdring. Die laaste tien jaar voor 1876 kan as 'n tydperk van vreedsame insypeling van Britse invloed in die Suid-Afrikaanse Republiek beskou word. Benewens is die onderwys in 1876 onder Britse beheer geplaas.

1. Kohnstamm: Individu en Maatschappy, 59.
2. Ibid.
3. Malherbe: Education in South Africa, Voetnoot, 237.

(v) Die Onderwys in die Anneksasieperiode 1876-1880: Transvaal word 'n Engelse Invloedsfeer.

Die Britse denkwyse in die onderwys het sterk sy invloed op die Afrikaanse volkslewe laat geld.

Selfs die kerk het nie die Engelse invloed vrygespring nie. Ds. H.S. Bosman is so beïnvloed dat hy in Engels begin preek het. Die volgende aankondiging het in die staatskoerant verskyn en is deur H.S. Bosman onderteken: „Divine Worship - At the request of several Presbyterians an English service is held in the Dutch Reformed Church on the first and third Sunday Evenings of each month commencing at 7 o'clock. H.S. Bosman". [1]

Onmiddellik na die anneksasie is twee groepe in die gemeenskap onderskei: die nasionaal-bewusvoelendes wat teen alles wat Engels was, gekant was. Hulle godsdiens en onderwysbeskouing was op die ou Hollandse instelling van die Kaapkolonie en volgens die Dordtse leerreëls gebaseer. Aan die ander kant was daar die liberaal- en Britsgesindes wat hulle met die Engelse gewoontes en bestuur vereenselwig het. [2]

Gedurende die anneksasieperiode is die Britse element nog verder versterk deur die aanstelling van Engelse amptenare in regeringsposte. Dit het geskyn of Transvaal ten volle die nuwe Britse idees aangeneem het. Die liberale deel van die volk het dan ook die Engelse gewoontes en aard baie vinnig as eiendomlikheid beskou: „English schools and the English language were being cultivated by an increasing number of the sons of progressive republicans. Lacking enough patriotic holidays in the Transvaal unofficially adopted the Queens Birthday as a holiday....". [3]

Aan die ander kant het die anneksasieperiode g'n vatkans op die stoere Boeretipe uitgeoefen nie. Met lede oë het hulle die toestande aanskou hoedat kerk, staat en onderwys en

1. Staatscourant, 25/5/80.
2. Uys: In the Era of Shepstone, 382-83.
3. De Kiewiet: The Imperial Factor, 93.

die maatskaplike lewe van die Britse gedagte deursuur is. Die anneksasiedaad het hulle weer wakker geskud en tot nadenke gedwing. Die nasionale volksgedagte het weer kragtig ontplooi en tot nuwe hoogtes gevoer: „The annexation, developed in them a spirit of unity and co-operation, and founded them a tradition - factors which are essential in the evolution of a healthy nationhood".[1)]

Ten gevolge van die anneksasieomwenteling het daar dan tydens die tagtigerjare 'n verrassende ommeswaai van Engels na Hollands plaasgevind. Nie net in die vryheidstryd van hulle stamgenote nie, maar ook in die breëre politieke en kultuurstryd soos die Afrikaanse Taalbeweging en die Afrikanerbond is lewendige belangstelling getoon.

Die Britse invloed is nog altyd bevorder waar daar gebrek aan 'n ontwikkelde volksbewussyn was. Die vryheidstryd het die besef van eie waarde by die Afrikaner wakker geroep. Voortaan sou hy nie meer so sterk na die volksvreemde hunker nie, maar hom by sy eie bepaal. Die glorie van die Engelse gedagte is hierdeur ietwat verflou en die voorliefde vir die Engelse taal en onderwys is verminder.

Die anneksasietydperk was 'n tydperk van geestelike lyde vir die republikein. Hierdie foltering het heilsaam ingewerk op die nasiewordingsproses waaruit 'n eie onderwysbeleid volgens eie aard, tradisie en beginsels gebore sou word, naamlik die Christelik-nasionale onderwysbeleid wat in die onderwyswette van Du Toit en Mansvelt omlyn en vasgelê is. Hierdie onderwysbeleid is na die anneksasie in 1902 en tot vandag toe as die rigsnoer van die Afrikaanssprekendes geneem.

(vi) <u>Die Du Toit-Mansvelt Periode 1880-1899</u>:

<u>Inleiding</u>.

Die tydperk van ds. Du Toit word deur verbetering, vooruitgang en aanpassing in die onderwys gekenmerk. Behalwe die

---

1. Uys: In the Era of Shepstone, Preface, XIII.

Christelik-nasionale grondslag van die wetgewing het sy staatsondersteunde onderwysstelsel veel meer ekonomies as die ou staatstelsel geblyk te wees. Dit het van £11. 8. 9d. onder Burgers tot £3. 15. 1d. onder Du Toit gedaal. Die nuwe stelsel het in die behoefte van die volk voorsien. Onder die Burgerswet was die meer gevorderde onderwys benadruk, terwyl Du Toit weer die elementêre onderwys beklemtoon het.[1)]

Onder die nuwe reëling is die geleenthede vir onderwys in die dorp en wyk gelyk gemaak. Hierdeur is die plaaslike inisiatief aangewakker en belangstelling is opgewek. Daar is 'n groter ewewig tussen die dorp en die plattelandse skole teweeggebring deurdat laasgenoemdes beter gesteun is en die onderwys tot die meesafgeleë dele van Transvaal gebring is.

Die Christelike Staatskoolstelsel van Du Toit.

Die koms van Du Toit het 'n belangrike invloed op die gereformeerde onderwysstrewe gehad. Hier het die Christelike skool met staatsteun begin. Du Toit het nie 'n kerkskoolstelsel voorgestaan nie, maar die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hulle kinders. Die regering het dus sy bydrae tot die skoolwese beperk tot die aanmoediging van partikulêre inisiatief by die burgery deur geleeltelike bydrae ter ondersteuning van die skole. Die regering het verder erken dat die godsdiensonderwys as sodanig by die kerk tuishoort en nie by die staat nie. Hierop is geëis dat in alle van regeringsweë ondersteunde skole die burgerlike onderwys behoorlik in 'n Christelike gees moes geskied. Leerstellige onderrig is aan die verskillende kerke oorgelaat. Die regering het verder die wenslikheid uitgespreek dat die verskillende gemeentes soveel moontlik die inisiatief sal neem in die stigting van skole en die verkiesing van skoolkomitees.[2)]

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 54.
2. Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys, 15.

Volgens die Du Toit-wet is die laer en middelbare onderwys dus staatsondersteunde en die hoër onderwys staatsonderwys wat op 'n Christelike, Bybelse en nasionale grondslag gefundeer is. Nederlands is as medium van onderwys gebruik, ooreenkomstig die volk se gees, rigting en behoeftes.[1)]

Die Mansvelt-periode 1890-1899:

Mansvelt het op die algemene beginsels van ds. Du Toit voortgebou. Dieselfde beginsels van die wet van 1882 is tot die opheffing van die Republiek in 1900 gehandhaaf.[2)]

Kragtens die pasgenoemde beginsels is deur Du Toit en Mansvelt saam met inspekteurs en onderwysers tot 1899 hard gewerk. Die leidende figure onder hierdie laastes was Hollanders, wat Christelik in lewensopvatting en wandel was. Die jong Republiek met die Calvinistiese staatshoof is kragtig deur hulle gesteun en die jeug is nie alleen geleer skryf en lees nie maar ook ander kundighede is aan hulle onderrig. Daarby is hulle in godsaligheid en in die Kategismus opgevoed.

Die lig in die Kaap, met die koms van Van Riebeek aangesteek, het in die loop van jare in die ou Kolonie verdof om weer helder in die Transvaalse Republiek op te vlam. Net vir 'n twintigtal jare is die skitterende voorbeeld van Christelik-nasionale onderwys belewe om vanaf die begin van die twintigste eeu met die verowering van die Republieke weer te vervaag.

In vergelyking met die Christelik-nasionale onderwyswette is die Britse onderwysstelsel na 1900 gefundeer, waaruit die Smutswet van 1907 gevloei het.

Die Kampskoolstelsel.

Die Tweede Vryheidsoorlog was dan ook die kulminasiepunt van Britse imperialisme in Suid-Afrika. Milner, die werktuig van die imperialisme, het dan ook na Suid-Afrika gekom

---

1. Coetzee: S.J. du Toit en die Onderwys, 16.
2. Postma: „C.N.O. in Suid-Afrika", in Koers in die Krisis, Dl. I..., 317.

om die Britse belange alhier te beskerm en te bevorder en die Britse invloed uit te brei.[1] Onomwonde het hy verklaar: „I am determined to break the dominion of the Afrikanderdom".[2]

Volgens Milner behoort dit die doelbewuste strewe van die Britse regering te wees om 'n Britse bevolking met hulle eie wette en taal alhier te vestig en die regering slegs aan 'n besliste Britse wetgewende mag toe te vertrou.[3]

Gedurende die oorlogsjare en daarna het Milner die taal, tradisie en skoolwese van die twee Republieke verdof en plek ingeruim vir 'n suiwer Brits georiënteerde skoolwese. Om die twee verowerde state so spoedig moontlik te angliseer en die belange van die Britse Ryk te versterk, moes die Britse deel van die bevolking vermeerder word.[4]

Die wense van Milner is vervul en tot 1904 is byna drieduisend vroue na Suid-Afrika gestuur. Hulle was magtige instrumente om te angliseer, die Britse sentiment lewendig te hou en die bande met die moederland stewig te bind en te versterk. Die groot werk van die toekoms vir Suid-Afrika was om te ontwikkel, te beskaaf en te angliseer.[5]

Milner het onmiddellik nadat die vernaamste stede in die Republieke beset is, alle mag onder hom gesentraliseer. In hierdie opsig was hy 'n apostel van Somerset. Om hierdie mag te beveilig, het hy in die hoogste betrekkings manne benoem van wie hy seker was dat hulle sy beleid nougeset sou uitvoer. Alle sleutelposisies is aan geskikte persone uit die moederland toegeken.

Ramsay MacDonald het hierdie beleid met die volgende woorde geskets: "Lord Milner het van die veronderstelling uitgegaan dat niemand in Suid-Afrika werd is om belangrike betrekkings in sy Regering te beklee nie en meeste van sy hoofde

1. Scholtz: Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog,128-129.
2. Cd. 43 - 1900, 129.
3. Walker: Lord Milner and South Africa, 15-16.
4. Milner Papers II, 242, Cd. 1163-1903, 89-92.
5. The Star - 28/4/02.

is uit Engeland ingevoer".[1]

Vir die onderwys was die Luitenant-Goewerneur-in-Rade verantwoordelik. Direk onder hierdie liggaam het die direkteur van onderwys en die onder-direkteur gestaan. Die hele stelsel was op die Britse lees geskoei.[2]

Die ou gevestigde Boeretradisie, taal, onderwysbeleid en ouerseggenskap is uitgeskakel.[3]

Die vernaamste beswaar teen die kampskoolonderwys was ongetwyfeld die plan om die Boerejeug te verengels. Met die vredesonderhandelinge in 1902 het Generaal Louis Botha hierdie feit beklemtoon. Hy het ook erken dat die Boerevolk van die feit bewus was dat die Britse regering groot opofferings gemaak het om die onderwys in die kampe te bevorder. Dog die opvoeding van hulle kinders moet nie sodanig wees dat hulle hulle moedertaal en hulle kerk sou vergeet nie.[4]

Generaal J.C.G. Kemp het die kamponderwys 'n geestelike verslawingsproses genoem om die jeug se nasionale bewussyn te vernietig en om hulle te denasionaliseer.[5]

'n Vraag wat hom ten slotte voorgedoen het, was of die Britse owerheid in sy doel geslaag het om die Boerejeug te verengels. By baie lede van die Boerevolk het agterdog en teenstand teen die angliseringsproses ontwikkel. Ramsay MacDonald, die latere eerste minister van Engeland, wat sake na die Tweede Vryheidsstryd hier self kom ondersoek het, het die waarheid in die volgende uitlating goed raakgesien: „I can only see an attempt to educate Dutchmen in Englismen and in disaster, voluntary schools and a continuation of embittered race antagonism".[6]

Deur die kampskoolstelsel is die grondslae van 'n hegte

1. Ramsay MacDonald: Wat ek in Suid-Afrika gesien het, 108.
2. Adresses and Papers - British and South African Associations for Advancement of Science, 1905, 257-288.
3. Ibid.
4. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 308
5. Kemp: Die Pad van die Veroweraar, 78.
6. Ramsay MacDonald: a.w., Voetnoot, 112.

Britse onderwysstelsel in Transvaal gelê.

Ofskoon die oorlogsomstandighede die natuurlike ontwikkeling van die C.N.O. ontwrig het, het dit aan die anderkant vir die Britse bewind die gulde geleentheid geskep om sy groot anglisasieplanne na eie outokratiese goeddunke te bewerkstellig. Dit was nie 'n stelsel wat bedoel was om by die behoeftes van die volk aan te pas nie, maar 'n stelsel waarby die volk noodgedwonge verplig was om homself aan te pas.

Die stelsel het die weg voorberei van onderwyswet nr. 7 van 1903, die Selbornewet van 1905, terwyl laasgenoemde weer as basis van die Smuts-onderwyswet van 1907 gedien het.

Die Periode van Rekonstruksie na 1902.

Eerstens ontstaan die vraag in hoeverre daar in genoegsame en geskikte onderwys voorsien is in die tyd met die fasiliteite tot Sargant se beskikking. Tweedens in hoeverre hierdie beleid by die besondere behoeftes van die volk aangepas is en in watter mate dit bygedra het tot die skepping van 'n homogene Suid-Afrikaanse volk wat bekwaam is om sy plek in die Britse Ryk in te neem.

Wat die eerste vraag betref, het Sargant ongetwyfeld verdienstelike werk gelewer en moet hy as die grondlêer van die nuwe onderwysstelsel beskou word. Wat die tweede vraag betref, het al die pogings om uit twee blanke elemente 'n homogene volk te skep, tot sover nog misluk. Dit moes juis aan die Milner-Sargant anglisasiebeleid en die drastiese metodes van daardie beleid toegeskrywe word dat die twee blanke rassegroepe so kragdadiglik elk in eie rigting ontwikkel het.

Die beleid van die Britse owerheid was om van hulle gunstige posisie as veroweraar gebruik te maak om die Afrikanervolk wat die oorlog oorleef het, te angliseer en te denasionaliseer deur middel van 'n spesiale stelsel van direkteurs, inspekteurs, onderwyspersoneel, leerstof en 'n taalmedium. Die

beleid van anglisasie en staatkunde het duidelik sy onuitwisbare spore op die onderwys en kultuur van die volk en Boereleiers nagelaat, dog beslis ook teenstand en ontwaking uitgelok. Professor E.A. Walker het die resultaat van die agressie-oorlog soos volg getipeer:

> „So far from dooming the national idea, the strain of war and shock of defeat made the Afrikanders as a people. These things were for them a greater spiritual experience even than the Great Trek, and almost at once they began to draw together on a cultural basis, in the Cape Colony first and then in the North. They challenged Milner's educational policy, and no part of Afrikanderdom did so more vigorously than the once placid Orange River Colony: they lanuched a second language campaign which has destined to make of Afrikaans a literary language so fast that, by 1925, it has superseded High Dutch as the other official language of the Union alongside English". 1)

Die deurtastende anglisasiebeleid het in werklikheid dus net die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat bereken was. Vasberade het die Britse owerheid die beleid voortgesit om deur wetgewing 'n onderwysstelsel vas te lê, maar die C.N.O.-skole het hulle optrede ietwat gestrem.

Die Christelik-nasionale Onderwysbeweging.

Ten opsigte van die houding van die regering teenoor die Christelik-nasionale onderwysbeweging was dit duidelik dat die owerheid geen ander stelsel van onderwys naas die van Milner-Sargant gedoog het nie. Professor H. Bompas Smith het daarop gewys dat die staat moes toesien dat die skoolstelsel die verskillende tipes skole, wat die volk as geheel nodig het, moes insluit. Elk van die hoofgroepe waaruit die volk bestaan het, het verlang na skole, wat by die aard van elke afsonderlike groep gepas het. Op die wyse sou die volkstelsel van onderwys tot die voortbringing van die sosiale struktuur van die volk lei. Die staat moes toesien dat elke tipe skool behoorlik verteenwoordig word. 2)

Die Milner-Sargant-regime was geensins geneë om afsonder-

1. Walker: Lord Milner and South Africa, 24.
2. Smith: The Nations School, 50-51.

like groepe van die bevolking van skole te voorsien en in ag te neem nie. Die Afrikaanssprekende bevolkingsgroep moes toesien hoe om sy eie sosiale struktuur te ontplooi.

Die taak van die skool moes in werklikheid wees om 'n begrip en waardering by die leerlinge vas te lê van die konserwatiewe fondamentstene van die volkslewe en van die beskawing as geheel. As 'n skool nie hieraan voldoen nie, slaag dit nie in sy doel en opvoedingsideale nie.

Die Milnerskole het nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie. Inteendeel, die onderwysstelsel het in 'n skrille kontras hiermee gestaan. In plaas van om die Boerkinders deur middel van die onderwys iets van die historiese en kulturele agtergrond van hulle eie volk te gee, het die Milnerskole daarop gemik om hulle te ontstam en van die volkseie te vervreem.

Hierdie Milner-onderwysbeleid, tesame met die invloed wat op Generaal Smuts vanaf sy jeug uitgeoefen is en sy eie lewensfilosofie en staatkunde was spoorslae in die onderwyswet van 1907.